# HOOFSTUK II.

## CILLIÉ SE OPVOEDINGSDOEL.

### INLEIDING.

Voordat 'n definisie van opvoeding gegee kan word, die doel van die opvoeding bepaal kan word, 'n samevatting en gevolgtrekkings gegee word, moet daar eers tussen onderwys en opvoeding onderskei word.

### ONDERSKEID TUSSEN ONDERWYS EN OPVOEDING.

Onderwys, volgens Cillié, bepaal hom meer tot die intellektuele lewe van die mens, d.w.s. tot kennis, wete, geleerdheid, die ontwikkeling van die verstand. Onderwys beteken die proses waardeur die leerling - nie noodsaaklik 'n kind nie - gehelp word om te wete te kom of te leer ken wat hy vantevore nie geweet het of geken het nie, of waardeur hy beter leer ken of weet wat hy vantevore reeds geweet of geken het. Hierdie hulp kan hy nie net van mense ontvang nie, maar van boeke, dinge en diere. 'n Mens kry 'n baie klein persentasie van wat hy weet, in die skool (1).

Opvoeding het meer met die emosionele lewe van die mens te doen, nl. sy gedrag, sy persoonlikheid, wat karakter genoem word (2).

Die blote onderwyser beoog soms kennis; die opvoeder daarenteen wil die kennis alleen as grondslag vir wysheid, lewenswysheid, 'n standvastige, betroubare karakter of ontwikkelde persoonlikheid hê (3).

(1) Artikel van Cillié in Die Unie 1/10/44 bls. 72.

(2) Loubser, J.S. : Notas van Cillié 1921. Artikel van Cillié in die Unie 1/1/38 bls. 347.

(3) Kuyler, H.A., : Notas van Cillié 1946. Artikel van Cillié in Die Unie 1/3/44 bls. 174.

Die doel van onderwys verander natuurlik met die doel van die lewe (1). Opvoeding en onderwys kan formeel volgens 'n plan, 'n metode, met 'n vooropgestelde doel wees; of dit kan informeel, sonder 'n vooropgestelde plan wees (2).

Daar kan onderwys sonder opvoeding wees maar nie opvoeding sonder onderwys nie. Opvoeding is per slot van rekening selfopvoeding; dit is 'n groei en nie 'n vorming nie. Opvoeding is 'n veel wyer begrip as onderwys en baie moeilik om te omskrywe (3).

DEFINISIE VAN OPVOEDING.

(a) Volgens K. Rosenkranz.

Van al die uiteenlopende opvattings van opvoedkundiges oor wat opvoeding werklik is, wil Cilliė die definisie van die Duitse pedagoog, Karl Rosenkrantz, uit die middel van die negentiende eeu tot op sekere hoogte omskrywe.

Opvoeding, sê Rosenkrantz, „is die doelbewuste planmatige inwerking van 'n reeds gevormde persoonlikheid op 'n nog ongevormde persoonlikheid om laasgenoemde te vorm of te laat ontwikkel tot 'n tevore opgestelde ideale mens" (4). As die idee uit hierdie definisie afgelei word dat die opvoeder sy stempel op die opvoedeling moet afdruk, kan Cilliė hom nie heeltemal daarmee vereenselwig nie, want hoeveel stempels sal dan nie op die kind afgedruk word nie! (5).

(1) Loubser, J.S.: Notas van Cilliė 1921.

(2) Artikel van Cilliė in „Die Unie" 1/3/44 bls. 174.

(3) Kuyler, H.A.: Notas van Cilliė 1946. Artikel van Cilliė in „Die Unie" 1/1/38 bls. 347.

(4) Rosenkranz, K.: Die Paedagogiek als Systeem bls. 52-56. Artikel van Cilliė in „Die Unie" 1/1/38 bls. 347.

(5) Artikel van Cilliė in „Die Unie" 1/8/38 bls. 46.

(b) Volgens J. Adams.

Nog 'n definisie van opvoeding wat Cilliè gedeeltelik onderskrywe, is: „Opvoeding is die proses waardeur 'n poging aangewend word om die oorspronklike natuur van die mens te wysig, te verander, te ontwikkel met die doel om dit te verbeter. 'n Doelbewuste inwerking van 'n reeds gevormde persoonlikheid op 'n ongevormde persoonlikheid" (1). Cilliè se beswaar teen hierdie omskrywing is dat hy nie weet wat hy onder die uitdrukking „die oorspronklike natuur" van die mens moet verstaan nie. Daar is twee uiterste opvattings van hierdie saak. Daar is die opvatting van Jean Jacques Rousseau, nl. dat die mens van natuur goed gebore word en dat hy alleen as gevolg van die omgewing se inwerking of invloed versleg.

Daar is die ander opvatting dat die mens in sonde ontvang en gebore word en geneig is tot alle kwaad (2).

(c) Volgens J.F. Herbart.

Herbart het geleer dat die goeie neigings in die mens deur opvoeding versterk moet word en die verkeerde neigings deur opvoeding verander of uitgeroei moet word, maar volgens Cilliè leer moderne sielkundiges dat die uitroeiing van die verkeerde neigings onmoontlik is, omdat die mens tot die verkeerde geneig is en beweer dat die verkeerde neigings liewer gesublimeer moet word (3).

(1) Coetzee, J. Chris : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde bls. 85.
Thorndike, E.L. : Education Psychology bls. 46.

Welton, J. : What do we mean by Education? Bls. 3.

(2) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/10/44 bls. 72.

(3) Herbart, J.F. : Pädagogische Schriften bls. 2.
Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

(d) Volgens F.W. Förster.

Cilliè beaam wat Förster sê , nl. dat opvoedingswerk 'n kultuur van die siel is (1).

(e) Volgens H. Bavinck.

Bavinck sê dat opvoeding vir die ewigheid die christelike ideaal is, waarmee Cilliè hom volkome vereenselwig. (2).

(f) Volgens T.H. Briggs.

T.H. Briggs definieer opvoeding as die poging wat aangewend word om die leerling te help om dinge wat hy tog in die lewe moet doen, beter te doen. Hy benadruk doen, maar Cilliè beweer dat eers gedink en dan gedoen moet word (3)

(g) Volgens G. Kerschensteiner.

Kerschensteiner sê dat eers die beroepsmens gevorm moet word en dan die mens. As die mens eers 'n professie het, sal hy vanself mens word (4).

(h) Volgens G. Dewey.

Dewey benadruk die kind, sy behoeftes, sy natuurlike drang om uiting te gee aan wat binne in hom woel en gaande is. Veral moet die opvoeder onthou hoe Dewey nadruk daarop lê dat die dinge wat die kind leer, waarmee hy besig gehou word, vir hom betekenis moet hê en dat alleen ondervinding of ervaring waarlik opvoedende waarde het.

(1) Förster, F.W. : Karaktervorming bls. 216-224.
Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

(2) Bavinck, H. : Paedagogiese Beginselen bls. 49.

(3) Briggs, T.H. : Secondary Education bls. 350-355.
Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

(4) Kerschensteiner, Georg : "Beroepsopvoeding of Algemene Opvoeding" bls. 23-27.
Pädagogiek der Arbeitschule bls. 25.

As Dewey sê dat opvoeding die lewe is en nie 'n voorbereiding vir die lewe nie en dat die enigste doel van die opvoeding moet wees om meer opvoeding te kry, verstaan Cilliè hom nie meer nie.

Miskien moet die opvoeder van vandag meer krities teenoor Dewey se pedagogiek staan, omdat dit vir 'n pragmatis baie moeilik val om te sien hoe 'n mens 'n opvoedkundige filosofie op pragmatisme kan opbou. Sover as daar nou in die filosofie gevorder is, is 'n opvoedkundige teorie alleen moontlik as ewige waardes en permanente ideale aangeneem word. Die pragmatis weet nie van soiets nie (1).

(i) <u>Volgens J. Chris Coetzee</u>.

„En met die doelstelling van die Calvinistiese opvoeding kan ons vandag nog volstaan al sou ons dit in meer besonderhede self wou stel as: „Waaragtige Godsvrug, innig verbind met deeglike kennis en vaardigheid, egte beskawing en 'n gesonde liggaamlike ontwikkeling." (2).

(j) <u>Volgens Cilliè</u>.

Cilliè wil die hele opvoedingsproses in die volgende vier begrippe saamvat: (3).

(i) Kennis. Die opvoedingsproses begin by die meedeel en verwerf van kennis wat die grondslag van alle opvoeding is, want opvoeding is kennis wat funksioneer en op wilskrag uitloop.

(1) Dewey, John : Democracy and Education bls. 11 en 121. Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/2/34 bls. 330. Coetzee, J. Chris : Die Moderne Opvoeding bls. 12-15.

(2) Coetzee, J.C. : Die eerste Beginsels van die Calvinistiese Opvoeding bls. 23.

(3) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/1/38 bls. 347. Kuyler, N.A. : Notas van Cilliè 1946.

(ii) Die aankweek van ideale by die opvoedeling.

(iii) Die aankweek en ontwikkeling van gesindhede waardeur die mens 'n standpunt teenoor sy ideale kan inneem en wat 'n lewensfilosofie genoem word.

(iv) Die ontwikkeling van wilskrag om uit te voer wat die mens ken en wat hy as die ideaal beskou, die handeling waarvoor hy 'n standpunt ingeneem het. Al wil die opvoedeling nie leer wat die opvoeder wil hê nie en al sou hy van nature die ideale wat die opvoeder hom voorhou en gesindhede wat die opvoeder koester, verwerp, sal die opvoedeling deur liefde, deur die regte voorbeeld, die regte lig, daartoe gebring word, om te leer wat waarde in die lewe en vir die lewe het, en sal hy hom deur die opvoeder in die moeilike werk van selfopvoeding laat help.

DOEL VAN OPVOEDING.

Gesaghebbendes op die gebied van opvoeding en onderwys hou volgens Cilliè uiteenlopende menings in verband met 'n opvoedingsdoel daarop na. Die een wil die geestelike of die intellektuele sy van die mens by sy opvoeding beklemtoon terwyl die ander die nadruk op die ekonomiese laat val. 'n Ander groep beweer dat sedelike krag beter as ekonomiese krag is. As die opvoeder begin om te vra hoe hy die gestelde doel moet bereik en watter middels hy moet aanwend, dan loop die menings nog verder uiteen (1).

Cilliè se doelstelling i.v.m. opvoeding kan onder die volgende hoofde behandel word, nl.:

(a) Christelike doelstelling,
(b) Nasionale doelstelling,
(c) Liggaamlike gesondheid as doel,
(d) Kennis as doel,
(e) Karaktervorming as doel,
(f) Sosiale doelstelling,
(g) Beroepsopleiding.

(a) Christelike Opvoedingsdoelstelling.

(i) Cilliè beaam wat Bavinck oor die doel van opvoeding sê, nl. die Christelike ideaal van opvoeding is opvoeding vir die ewigheid. Die ideaal van christelike opvoeding is

(1) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/2/46 bls. 170.

„waaragtige godsvrug, organies verbonden met deeglike kennis en echte beschaving". (1). Hier word niks van liggaamlike opvoeding gesê nie. Dit is 'n standpunt teen die ideaal. Cilliè stem saam dat daar geen ware opvoeding kan wees as dit nie op christelike grondslag berus nie. Geen sedelike opvatting van die wêreld staan bokant die bergpredikasie nie. Dit is die grondslag en basis van opvoeding. Dit moet tenminste so wees. Dit wil nie sê dat die opvoeder alles vir die ewigheid moet inrig nie (2). By die opvoeding glo die opvoeder in die kind, aan sy goddelike herkoms, aan sy ewige goddelike bestemming (3).

(ii) Cilliè konstateer verder dat wat die opvoedingsdoel in 'n christenland en by 'n christenvolk betref, dit vanself spreek dat die opvoeding en onderwys en die gees in die skole christelik moet wees. Die opvoeder moet met die middele en geleenthede wat hy het en waaroor hy tans beskik, die opvoeding in die skole so inrig dat hy die jong geslag kan leer en onder die indruk kan bring van die betekenis van die ware christelike godsdiens in die lewe van die enkeling, die gemeenskap en die nasie (4).

(iii) Omdat die lewensbeskouing van die Afrikaanssprekende

(1). Bavinck, H: De Opvoeding der rypere Jeugd. Hoofstuk 11. Padagogiese Beginselen bls. 157. Kuyler, H.A. : Notas van Cilliè 1946.

(2) Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

(3). Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/1/38 bls. 347.

(4) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/1/37 bls. 242.
" " " " " " 1/10/39 bls. 140.

Afrikaner Christelik is, wil hy godsdiensonderwys hê, wat by sy lewensbeskouing aansluit, dit sal versterk, bestendig en verlewendig (1).
Daar moet in die onderwys en opvoedingswerk baie meer van die gees van Christus wees (2).

Hy wil 'n beter en intensiewer opvoeding hê, wat op christelike lees geskoei is en gebaseer op die voorskrif van die Meester self, dat hy God en sy naaste moet liefhê (3).

(iv) Dit is die dure plig van die opvoeder om die jong geslag te help verstaan dat 'n lewe wat nie God-gerig is nie, nie 'n suksesvolle lewe kan wees nie. Omdat die wêreld God vergeet het, is die skeidslyn tussen goed en kwaad, reg en verkeerd, verdof en op baie plekke uitgewis (4).

(v) As die opvoeder die geleenthede wat daar op skool is, om godsdiensonderwys op die regte manier en met die regte oortuiging en gesindheid te gee, gebruik, kan en sal hy die kind help om daardie verdonkerde en uitgewiste skeidslyn weer helder te trek (5). Godsdiensonderwys in die skole moet die regte plek inneem as die opvoeder menslike mense wil opvoed en dit kan alleen deur die regte godsdiensonderrig met die Bybel as grondslag geskied (6).

(1) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/9/43 bls. 55.
" " " " " " 1/10/40 bls. 175.

(2) Ons Land 22/6/43. Artikel van Cilliè.

(3) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/3/42 bls. 282.

(4) + Coetzee, J. Chris : Die eerste Beginsels van die Calvinistiese Opvoeding bls. 19.

(5) Die Unie 1/6/47 bls. 250. Artikel van Cilliè.

(6) Artikel van Cilliè in „Die Unie 1/4/47 bls. 206.
Loubser J.S. : Notas van Cilliè 1921.

Met die wetenskap en sy geleerdheid en wysheid wat so dikwels waanwysheid is, het die opvoeder gemeen dat hy alle vraagstukke kan oplos en hy het derhalwe God nie meer nodig nie. Menslike mense is nodig om toestande te verbeter en daar is maar net een manier om hulle te kry en dit is deur die regte soort opvoeding wat op die fondament van ware, christelike godsdiens berus (1). Daar moet nuwe waardes in die plek van die oues gestel word, want die oues is uitgedien. Die opvoeder het in die lewe 'n norm in die persoon van Christus en om waarlik mens te kan en wil wees moet Hy as ideaal en voorbeeld geneem word (2).

(vi) Wanneer die opvoeder die doelstelling van 'n besliste christelike belydenis in die onderwys handhaaf, loop hy gevaar om in vormdiens te verval, wat in meer as een opsig skadeliker en gevaarliker as regstreekse onverskilligheid is (3). As iemand hom stel op die standpunt van die leer van Christus soos dit in die Woord van God gegee word, is dit nie nodig om „Calvinisties" daarvoor te plaas nie (4).

Nie die leer en die belydenis nie maar die lewe en die voorbeeld is wat by die jeug tel (5). Die onderwyser moet hom derhalwe nie beywer vir groep- of kerkskole wat met staatsondersteuning deur groepouers met dieselfde godsdienstige oortuigings of dieselfde lewensbeskouing gestig is nie.

(1) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/4/47 bls. 206.
Loubser J.S. : Notas van Cilliè 1921.

(2) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/4/47 bls. 206.
Kuyler, H.A. : Notas van Cilliè 1946.

(3) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/8/30 bls. 32.

(4) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/10/41 bls. 127.

(5) " " " " " " 1/8/30 bls. 32.

maar vir christelike staatskole (1).

(vii) Die doel moet verder wees die verkryging van die regte onderwyser wat in sy doen en late, in en buite skool, 'n ware Christen is, en wie se lewens- en wêreldbeskouing by die van sy leerlinge aanpas, want wie nie self 'n Christen is nie, kan nie in 'n christelike samelewing onderwyser wees nie. Hy moet godsdiensonderwys op die regte manier en met die regte oortuiging en gesindheid gee (2).

(viii) Die wenslikheid en noodsaaklikheid vir doeltreffender godsdiensonderrig word ernstig gevoel maar aan die ander kant kan Cillié nie nalaat om dit as sy mening uit te spreek nie dat die skool magteloos is as die saak van godsdiensonderwys by die huis verwaarloos word (3).

Die doel moet nie wees om die skole en die skoolsisteme in Suid-Afrika op godsdienstige gebied te wil hervorm nie maar wel die huisgesinne, as daar iets met die godsdiens van die Afrikaanse volk verkeerd is (4).

'n Godsdienstige fondament waarop die skool en die kerk moet voortbou, moet in die huisgesin gelê word en die band tussen die huis, die skool en die kerk mag nie verbreek word nie (5).

(1) Artikel van Cillié in „Die Unie" 1/9/43 bls. 55.

(2) " " " " " " 1/6/47 bls. 250.
" " " " " " 11/9/43 bls. 55.

(3) " " " " " " 1/8/30 bls. 32.
„ DieUnie" 1/1/47 bls. 242.

(4) Artikel van Cillié in „Die Unie" 1/1/37 bls. 242.
Die Unie 1/8/30, bls. 32. Artikel van Cillié.

(5) Artikel van Cillié in „Die Unie" 1/12/43 bls. 117.,
„Die Unie" 1/1/42 bls. 223. Artikel van Cillié.

(b) Nasionale Doelstelling.

(i) Die vraag ontstaan of die opvoeding kosmopolities gemaak moet word en of daar burgers vir Suid-Afrika opgevoed moet word. Wat word deur nasionaal bedoel? Vir die woord „nasionaliteit" is daar geen bevredigende definisie nie. Die Grieke het oor nasionaliteit gesê dat mense aan dieselfde nasie behoort wanneer hulle dieselfde Gode dien, na dieselfde teater gaan. In Israel was almal wat nie 'n Israeliet was nie, 'n heiden. In die middeleeue was daar nie soiets as nasionaliteitsgevoel nie (1). Gedurende die 19de eeu het nasionaliteitsgevoel al hoe sterker geword en vandag is dit baie sterk. Die skool is gebruik om die gevoel te verskerp (2).

(ii) Onder nasionale opvoeding word verstaan: 'n Opvoeding wat by die opvoedeling 'n sekere gesindheid, sekere neigings of voorliefde ontwikkel en aankweek, wat die nasie waaraan hy behoort, dierbaar ag of beskou. 'n Nasionale opvoeding en onderwys moet die gesindheid by die leerling bestendig (3). Die ideaal van 'n eie selfstandige Suid-Afrikanisme moet nagestreef word sodat die Afrikaner homself kan wees en die opbouing en bewaring van 'n eie kultuur. Dit moet die doel van die opvoeder wees om in die hart en die gemoed van die opvoedeling

(1) Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

(2) Bagley, W.C. : The Nation and the Schools.
The Educative Process. Hoofstuk oor „The Function of the School"
Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

(3) Die Burger 2/11/16. Artikel van Cilliè.
Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/4/43 bls. 222.

hoë ideale te plant en te laat groei, wat sistematies moet ontwikkel, en 'n aanknopingspunt moet hê in die doen en late van die volk, sy tradisies, taal, gewoontes, en in die geskiedenis van die eie land (1).

Die opvoeder moet baie dieper, ernstiger en standvastiger nasionaal dink, voel en doen as voorheen. Dit mag nie 'n soort negatiewe, geisoleerde nasionalisme wees, wat wakker gehou moet word en gedurig geprikkel moet word met afkeer, afguns en soms met haat oor wat aan ander behoort nie. (2).

(iii) Die uitheemse en vreemde moet eers aan Suid-Afrikaanse toestande aangepas en geakklimatiseer word (3). Cillié wil nie Engelse kultuur bevorder wat nog altyd die doel met die skoolopvoeding was nie. As die Afrikaans- en Engelsprekende deel van die bevolking naas mekaar ontwikkel, elkeen met sy eie taal en sy eie kultuur, sy eie sedes, gewoontes en tradisies, en almal deur middel van die skoolopvoeding en die skoolonderwys mét die regte liefde en agting vir Suid-Afrika as hul gemeenskaplike en enigste vaderland besiel word, kan die twee dele van die bevolking saamwerk en saam die belange van die land dien en help bevorder (4). Die Suid-Afrikaanse opvoeder het die reg en die plig om met die „anderland-agtigheid" by sy onderwys te breek en 'n egte vaderlandsliefde wat in

(1) Die Burger 1/6/16 en 8/6/16. Artikel van Cillié. Artikel van Cillié in „Die Unie" 1/12/43 bls. 117.

(2) Artikel van Cillié in „Die Unie" 1/4/46 bls. 210.

(3) " " " " " " 1/11/18 bls. 113.

(4) " " " " " " 1/3/44 bls. 174.

offervaardigheid geopenbaar word, aan te kweek; vaderlandsliefde wat ruim genoeg sal wees om die goeie in ander te bewonder, maar die eie aan die hart te druk, daar warm te hou en trots daarop te wees (1).

(iv) Nasionalisme moet nie met vaderlandsliefde verwar word nie. Laasgenoemde word by min mense gevind. Vaderlandsliefde openbaar hom in opofferinge en offervaardigheid wat by die kind aangekweek moet word. In Suid-Afrika is daar twee volksideale en selfs kleurlinge kry ook nou nasionale selfbewussyn (2).

(v) Daar behoort verdraagsaamheid tussen die twee nasionaliteite te wees maar hier kom die kwessie van rassegevoel. As 'n mens nie hierdie gevoel het nie, beteken hy niks nie. Cilliè kan nie dink dat daar mense sonder rassegevoel kan wees nie. Hy bedoel nie hier rassehaat nie. Die blankes kan byvoorbeeld nie uitgaan van die idee om broers en susters van kleurlinge te wees nie. Rassetrots moet aangekweek word maar rassegevoel mag nie in rassehaat oorgaan nie. Laasgenoemde moet uit die siel van die Suid-Afrikaner verban word. (3).

(vi) Moet die eenstroom of tweestroom gevolg word? Genoegsame gegewens ontbreek om daarop te bou. Gemengde huwelike is afkeuringswaardig, want een moet kop gee en die renegaat kan nie sy kinders opvoed nie; in sy hart is hy nie reg nie.

(1) Die Burger 14/10/15. Artikel van Cilliè.
Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/6/34 bls. 406.

(2) Die Burger 14/10/15. Artikel van Cilliè.

(3) Die Burger, 14/10/15. Artikel van Cilliè.

Die Afrikaner moet Afrikaner wees en die Engelsman moet Engelsman wees anders is hy 'n namaaksel. Dit is die houding wat in die skool ingeneem moet word. Kinders moet leer om mekaar te verstaan maar elkeen moet nasiebewus wees. Die leerstof moet daarvolgens ingerig wees (1).

(vii) Die basis van die nasionale opvoedingstelsel van onderwys in Suid-Afrika moet dan die Vaderlandse Geskiedenis wees. Dit moet nie in die sin van politieke geskiedenis verstaan word nie. Kennis aangaande die land, m.a.w. die ekonomiese geskiedenis moet die kind stelselmatig onderrig word.

Politieke geskiedenis moet verder as basis dien maar daar moet nie politieke propaganda met die geskiedenis gemaak word nie, anders word geen selfstandige wesens gekweek nie.

Intelligente vaderlandsliefde waaraan soms materiële voordele maar altyd geestelike voordele verbonde is, moet die opvoeder aankweek. As hierdie gesindheid by die kinders van Suid-Afrika aangekweek word, sal 'n nasie van patriote sowel as wêreldburgers gevorm word. By die opvoeding en onderwys moet dan van nasionale beginsels uitgegaan word. Dit moet die oogmerk van die opvoeder wees, as hy aan sy roeping wil beantwoord (2).

(1) Die Burger, 14/10/15. Artikel van Cilliè.

(2) Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

(viii) Cilliè wou by die opvoeding 'n grootste sentrale, alles omvattende doel, nl. die van nasie-bou en die ontwikkeling van alle sluimerende talente en vermoëns in die nasie wat die probleme en moeilikhede met moed en vertroue sal tegemoet gaan en aanpak, voor oë hou. Die opvoeder moet nie alleen die kinders opvoed nie, maar ook die volk, in die sin dat hy aan hulle duidelik moet maak wat hy op die skool <u>kan</u> doen en wat hy <u>wil</u> doen. Daar moet 'n opvoeding wees waarin al die volkskinders deel en daarby ook kans kry om die kennis van die opvoeding ten dienste van die nasie te gebruik. Vir hierdie volksopvoeding moet die nodige fasiliteite geskep word (1).

(ix) Die Universiteit en die skool moet nie alleen die draer en mededeler van die geestes- en kultuurgoedere van die volk, wat hulle voorgee om te dien, wees nie, maar hulle moet by uitnemendheid die inrigtings of instellings wees waar die geestes- en kultuurnalatenskap vermeerder moet word (2). Cilliè wil nie die universiteit of skool as propagandemiddel vir die een of ander lewensfilosofie gebruik om sodoende die opvoedeling met die een of ander ideologie te indoktrineer nie (3). Dit is skynbaar nie moontlik vir een kultuurnasie om sy ideologie op 'n ander kultuurnasie af te druk nie. (4).

(1) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/1/32 bls. 218.
(2) " " " " " " 1/5/18 bls. 307.
(3) " " " " " " 12/6/21 bls. 338.
(4) Kuyler, H.A. : Notas van Cilliè 1946.

(x) Wanneer die Suid-Afrikaanse Opvoeding van voorgaande vereistes van nasionale opvoeding getoets word, is daar nog nie nasionale opvoeding in die ware sin van die woord nie, vanweë die volgende:

Vooroordeel: 'n Groot deel van die Afrikaanse bevolking is bevooroordeeld teenoor die naturelle- en kleurlingopvoeding. Hierdie vooroordeel mag nie gevoed word nie (1).

Ekonomiese moeilikhede: Die grootste probleem is wat met die naturelle aangevang moet word. Daar is in Suid-Afrika soiets as 'n kleurslagboom. Dit is die plig van die blanke om ook om te sien na die naturel, want sy agteruitgang op sedelike gebied, byvoorbeeld, sal nie sonder nadelige uitwerking op die blanke wees nie.

Finansiële oorwegings: Dit is onmoontlik om op 'n gegewe oomblik skole vir naturelle-kinders te bou en hulle op te voed (2).

Vooroordeel teenoor opvoedingsinrigtinge, veral teenoor die universiteite. Die gewone mens dink dat wanneer 'n student na die universiteit gestuur word dit uit weelde geskied. Baie studente dink weer dat die "University is a stepping stone to my advancement in life". Hierdie idees behoort nie te bestaan nie. Elke nasie het sekere soort werk waarvoor mense opgelei moet word. As Uitlanders vir werk in Suid-Afrika gebruik word, beteken dit dat daar iets verkeerd is. 'n Nasie moet vir homself produseer (3).

(1) Loubser, J.S. : Notas van Cillié 1921.
(2) Kuyler, H.A. : Notas van Cillié 1946.
(3) Loubser, J.S. : Notas van Cillié 1921.

(c) Liggaamlike Gesondheid as Doelstelling.

(i) John Locke, in sy boekie, „Some thoughts concerning Education" wat in 1690 verskyn het, gee liggaamsoefening die eerste plek en beskou verstandelike ontwikkeling as die onbelangrikste (1).

(ii) As daar 'n gesonde gees in 'n gesonde liggaam gehuisves moet wees, en as daar harmonie tussen gees en liggaam moet wees, is dit die opvoeders se dure plig om vir die liggaamlike gesondheid van die kind te sorg (2).

As die opvoeder aan die toekomstige lewe van die kind dink of aan die eise wat die lewe aan die opvoedeling stel, weet die onderwyser dat die kind in die eerste plek 'n gesonde siel en 'n gesonde liggaam moet besit, anders kan hy hom aan 'n beskaafde samelewing nie aanpas nie; daarom behoort die liggaamlike opvoeding baie swaar te weeg (3). Die opvoedeling moet gehelp word om die regte gesondheidsgewoontes aan te kweek en om die reëls van die gesondheid te leer ken en toe te pas en uit te lewe, want hoe gesond die toekomstige volk sal wees, hang van die liggaamlike opvoeding af (4).

Die Opvoeders moet hulself vir intelligente belangstelling in persoonlike en volksgesondheid beywer. (5).

(1) Artikel van Cilliė in „Die Unie" 1/3/38 bls. 358.
(2) " " " " " " 1/2/42 bls. 250.
" " " " " " 1/5/21 bls. 296.
(3) " " " " " " 1/2/42 bls. 250.
" " " " " " 1/5/21 bls. 296.
(4) " " " " " " 1/5/21 bls. 296.
(5) " " " " " " 1/11/29 bls. 123.
" " " " " " 1/2/30 bls. 215.

(d) Kennis as Doelstelling.

(i) Kennis is die grondslag maar dit is nooit die einddoel van die onderwys en opvoeding nie (1). Dit is slegs 'n middel tot 'n doel, 'n basis van al die opvoeder se pogings om mense te help (2).

Kennis is nie alles in die lewe nie, maar dit is die eerste eis vir iemand wat ander wil onderrig (3). Die doel moet wees om die kind die regte soort kennis te verskaf, by hom 'n liefde vir die kennis te ontwikkel, 'n dors na meer kennis te laat ontstaan en hom te leer om die kennis in die lewe te gebruik, want dan word meteens ook karakter gekweek (4). Die doel van die lewe is om veranderings aan te bring met die idee om te verbeter. Om dit te kan doen, moet die mens kennis hê. Die veranderinge probeer om probleme op te los. Vir wat die kennis moet wees, is daar nie 'n maatstaf nie, want dit kan nie definitief bepaal word nie. Kennis van die toekoms is beter as kennis van die verlede. Algemene waarhede is beter om te weet as partikuliere gevalle maar hier eindig dit ook (5).

(ii) Dit is Cilliè se vaste oortuiging dat die onderwysers en die inspekteurs, die leerlinge in die skole, en die algemene publiek, in sover as wat hulle in die werk van die skole belangstel, 'n duidelike

(1) Kuyler, H.A. : Notas van Cilliè 1946.

(2) Die Burger 7/10/15. Artikel van Cilliè.
Artikel van Cillie in „Die Unie" 1/4/35 bls. 142.
Monroe, W.S. „Brief Course" bls. 359-360.

(3) Die Burger 25/5/16. Artikel van Cilliè.
Die Unie 1/7/28 bls. 344. Artikel van Cilliè.

(4) Artikel van Cilliè in Die Unie" 1/7/35 bls. 1.
Finney, Ross , L. : A Sociological Philosophy of Education, bls. 132-148 en bls. 278-293.
Spencer, H. : Essays on Education bls. 7.

(5) Bosman, D.J. : Notas van Cilliè 1931.
Kerschensteiner Georg: „Theorie der Bildung"bls.21-22.

doel voor oë moet hê en dit baie selde vergeet, nl. die doel om kennis mee te deel, kennis te toets, kennis te verwerf en kennis te eis. Die hele skoolstelsel is duidelik en onmiskenbaar daarop ingerig om die leerlinge 'n sekere hoeveelheid feite te leer en eksamen te laat doen. Daar is geen ander skoolstelsel in Suid-Afrika waar daar soveel eenheid van strewe en soveel onderlinge wedywer is as dat daar by eksamens sukses behaal word nie (1).

Die doel van die opvoeding moet nie wees om die kind onder dwang en dreigemente met feite vol te prop en die weer te laat reproduseer nie (2). Eksamens, standerds, kompetisie en statistieke moet daar wees, maar hulle moet nie 'n doel op hulself vorm nie, maar as middels om 'n sekere doel te behaal. As 'n opvoeder hom ten doel stel om kinders bloot vir die volgende standerd voor te berei, word sy werk geesdodend en sinneloos. Gesonde kompetisie moet daar wees, maar wanneer die doel by die opvoeding net kompetisie en steeds meer kompetisie is, dood dit die inisiatief van die student wanneer die kompetisie ophou. Wedywer kan so maklik in nawyer ontaard en 'n mens verloor so maklik die hoofdoel uit die oog (3). Solank as die opvoeder onder die waan verkeer dat die onderwys en opvoeding in die skool as hoofdoel het om standerds te slaag en eksamens deur te kom, sal veranderings in die onderwysstelsel niks uitrig nie.

(1) Die Burger 2/11/16 Artikel van Cilliė.

(2) Die Burger 2/11/16. Artikel van Cilliė.
Artikel van Cilliė in „Die Unie" 1/3/17 bls. 699.

(3) Artikel van Cilliė in "Die Unie Jan.-Febr. 1908 bls. 223.
Die Burger 18/11/20. Artikel van Cilliė.

Solank die sukses van 'n skool gemeet word volgens die getal kandidate wat in die eksamen slaag en die persentasie wat by die inspeksie deur hulle standerds kom, sal nie vir die lewe opgevoed word nie, maar vir die eksamens en die skool. Die sukses van 'n skool moet met die soort leerlinge wat hy vir die lewe aflewer, gemeet word. Dit moet die maatstaf wees (1).

(iii) Dit gebeur maar al te dikwels dat die kennis wat die leerlinge op die skool en die studente op die universiteit met soveel toegewydheid en moeite verwerf, daar buite in hul lewe nie funksioneer nie en dit het dikwels vir hulle geen betekenis vir die lewe nie, want hulle vergeet die tweedehandse kennis weer baie gou, nadat hulle uit die skool is. Die doel moet wees om kennis te verkry wat op die regte geleentheid gebruik kan word- die kennis wat oorgegaan het in wysheid en wat gesonde verstand genoem word (2).

Die opvoeding moet 'n voorbereiding vir die lewe, nl. hoe om te lewe, wees. Daar word alleen na die sukses gedurende die kinders se skoolloopbaan gekyk en nie na hul toekomstige lewe nie; daarom „scholae sed non vitae discimus". (3). Die doel met die kind is 'n ryker, voller, nuttiger en beter lewe, d.w.s. 'n idiële en 'n materiële lewe. Opvoeding en onderwys beteken nie dat sekere dinge geleer en die weer aan ander onderrig moet word- om die weer aan andere te leer nie,

(1) Die Burger 24/8/16. Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/10/35 bls. 106.

(2) Die Burger 14/9/16. Artikel van Cilliè in „Die Unie" 20/12/27 bls. 190
Spencer, H. : Essays on Education bls. 7.

(3) Die Burger 3/2/16. Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/3/27 bls. 699.

maar dit beteken dat mense geleer moet word hoe om te lewe in Suid-Afrika vir Suid-Afrika (1).

(iv) Sover Cillié bekend is met die werk op die skole- laer en middelbaar, en op die universiteit- wil dit hom voorkom dat die vakke wat daar geleer word, dikwels onderrig en doseer word asof die kennis 'n doel op sigself is. As die opvoeder kennis as 'n doel op sigself wil verwerf, sonder dat hy die betekenis daarvan vir die lewe verstaan, kan daar geen sprake van opvoeding wees nie (2). Cillié wil kennis, feitekennis as sodanig nie uitskakel nie, want nog nooit was daar iemand in die wêreld wat iets goeds of iets groots tot stand gebring het wat nie feitekennis gehad het nie (3). Solank die universiteite alleen feitekennis eis, sal die skole feite uit boeke aan hul leerlinge leer. Die publiek verlang kennis en as daar hervorming sal kom, moet die publiek eers ingelig en opgevoed word (4). Wat nodig is, is dat by die opvoeders en onderwysers, by die publiek, werkgewers en werkers 'n ander opvatting moet kom, aangaande die betekenis van onderwys en opvoeding in die algemeen (5).

(v) Cillié sê dit met klem dat die opvatting dat een deel van 'n mens se opvoeding as't ware 'n voorbereiding vir 'n later deel daarvan moet wees, totaal verkeerd is. As die opvoeder die opvoedeling op die middelbare skool gaan onderrig en

(1) Die Burger 3/2/6. Artikel van Cillié.
Coetzee, J.C. : Die Moderne Opvoeding bls. 26.

(2) Die Burger 3/2/16. Artikel van Cillié.
Artikel van Cillie in „Die Unie" 1/4/32 bls. 355.
Snedden, D. : Vocational Education bls. 5 Hoof.1.

(3) Artikel van Cillie in „Die Unie" 1/10/44 bls. 72.

(4) Die Burger 3/2/16. Artikel van Cillié.

(5) Die Burger 24/8/16. Artikel van Cillié.
Artikel van Cillié in „Die Unie" 1/10/35 bls. 106.

opvoed altyd met die bygedagte wat hy eendag op die universiteit sal moet gaan leer, word alles verknoei. Die opvoeding van die kind moet by elke stap van sy kursus alleen betrekking hê tot die lewe van die kind op die stadium van ontwikkeling wat hy bereik het (1).

(vi) Sommige opvoedkundiges beoog verstandsontwikkeling, intellektuele dissipline. Dit maak nie saak wat mens leer nie, solank 'n mens dit maar goed doen en ken (2). Cilliė konstateer dat dit baie daarop aankom wat 'n mens leer, sodat die verstand ontwikkel. Latyn, bv. is van min praktiese waarde maar dit is goed om die verstand te ontwikkel. Dit gee plesier aan min mense maar dit versterk die geestelike dissipline. So is dit ook die geval met matesis. As hy moet kies tussen inhoud en verstandsontwikkeling, kies hy verstandsontwikkeling. Al die vakke wat die opvoedeling leer, vorm 'n basis wat oordraging aanmoedig, bv. 'n goeie kennis van rekenkunde beteken dat die kind later sekere rekenkundige probleme sal kan uitwerk. Inhoud is by Cilliė ook van minder belang. Daar moet altyd verstandelike groei wees. Ongelukkig is daar mense wat ophou ontwikkel. Die Skotse sisteem lê baie nadruk op inhoud, maar die Duitse sisteem wat Cilliė aanneem, lê meer nadruk op metode en algemene ontwikkeling van die verstand. Onderwys in Suid-Afrika word egter beperk deur die vasgestelde sillabus, sodat inhoud meer die rol speel.

(1) Die Burger 2/11/16. Artikel van Cilliė.

(2) Die Burger 3/2/16. Artikel van Cilliė.
Kerschensteiner, G. : „Theorie der Bildung" bls. 21-22 en 123-125.

(3) Bosman, A.J. : Notas van Cilliė 1931.

Professor Moore van Harvard Universiteit, Amerika, sê in sy boek, „What is Education?" dat klein kinders in die skool 'n hele boel syferkunde wat verouderd is, moet leer, baie grammatika wat geen waarde het nie, baie spelling wat hulle nooit 'n kans sal hê om te gebruik nie, om die eenvoudige rede dat dit die verstand ontwikkel, dissiplineer en verskerp. Dit is alles loutere onsin. Daar is nie soiets as 'n algemene intellektuele dissipline nie. Die opvoedeling moet van kleins af die geleentheid gegee word om sy verstands- en begripsvermoë te ontwikkel en te gebruik, iets te doen en te produseer (1). Hy moet geleer word om die regte waarde aan dinge en persone te heg; dinge in hul regte verhouding te sien en op die manier wat die swaarste is, die swaarste laat weeg (2).

Hy moet geleer word om sy eie mening en oordeel oor sake en mense daarop na te hou maar sy denkvermoë is altyd spesifiek; tog kan die opvoeder die kind se algemene denkvermoë heelwat probeer ontwikkel. Die opvoedeling moet in verskeie rigtings dink, sodat hy sy verstand in alle rigtings kan aanpas. Die opvoeder moet die kind leer om meer waarde aan lewenswysheid uit eie lewenservaring, karaktervorming en verstandsontwikkeling te heg (3).

(e) Karaktervorming as Doel.

(1) William James definieer karakter „as a bundle of habits". Hy heg baie waarde aan die vorming van gewoontes. (4).

(1) Die Burger 3/2/16. Artikel van Cillié.
Artikel van Cillié in „Die Unie" 1/3/17 bls. 699.
(2) Artikel van Cillié in „Die Unie" 1/3/44 bls. 174.
(3) " " " " " " 1/11/15 bls. 122.
(4) James, W.M. : „Talks to Teachers on Psychology Hoofstuk VIII. bls. 64, 66, 77.

(ii) Goerg Kerschensteiner sê dat karakter 'n bestemde sieletoestand is. Die opvoeder bring iemand in 'n sekere situasie en die manier waarop hy reageer, wys hoeveel karakter hy besit. Die kind word met karakter gebore, wat opgelei moet word (1).

(iii) Cilliè beweer dat karakter nie saam met die geboorte van die kind gebore word nie; dit word nie oorgeërf nie; dit is sekondêr. Dit kom as gevolg van opvoeding. Oor hierdie vraagstuk is daar verskil van mening (2).

(iv) 'n Ander skool in Amerika ontken ook oorgeërfde disposisie-alles is die resultaat van die omgewing. Die skool konstateer dat die mens by geboorte soos 'n skoon papier is en dat karakter deur opvoeding gevorm word. (3).

(v) Cilliè glo dat die opvoeder verantwoordelik is vir die ontwikkeling van die kind se karakter. Karakter is soos persoonlikheid, sekondêr en nie primêr (4).

(vi) Opvoedingswerk, sê Förster, is 'n kultuur van die siel. Opportunisme moet uitgeskakel word. Die maatskappy en die staat is afhanklik van die siel. Förster wil in die eerste plek mense hê- nie van ekonomiese kant nie maar van sielekant: „De ware opvoeding behoort dè mens op te heffen uit de tyd, d. w. z. -uit slappe aanpassing by de eisen van de wêreld." (5).

(1) Kerschensteiner, Georg : „Theorie der Bildung". bls. 86-91, bls. 27-29.
Bosman A.J. : Notas van Cilliè 1931.
(2) Loubser J.S. : Notas van Cilliè 1921.
(3) Adams John : Herbartian Psychology applied to Education bls. 1-10. Education and Environment bls. 107. Bosman A.J. : Notas van Cillie 1931.
(4) Bosman, A. : Notas van Cilliè 1931.
(5) Förster, F.W. : School en Karakter bls. 20-25 en 210.
Kuyler, H.A. : Notas van Cillie 1931.

Hy wil mense hê, wat hulself daardeur heer oor hulself en oor die wêreld sal maak en wat bokant kleinighede staan; mense wat die tyd met die ewigheid verbind. Hy wil mense se karakters ontwikkel. "De nuwe paedagogiek moet zich ontwikkelen tot 'n wetenskap en 'n kunst der zielenlyden". (1).

(vii) Sir John Adams beweer dat die Sjinese 'n spreekwoord het, wat lui dat alle babetjies goed gebore is. 'n Sekere Brias van Priëne, een van die wyses van Griekeland, het beweer dat alle mense sleg is. Dit is Cilliè se mening dat tussen die goeie babetjies wat gebore word en die slegte mense die werk van die opvoeders lê (2).

(viii) Opvoeders soos Plato, John Locke, Comenius en Herbart beweer dat die opvoeding alvermoënd is, as die regte leiding gegee word, om ideale burgers op te voed (3).

(ix) Wat is nou karakter of gemoed? In Grieks beteken die woord die indruk of die impressie wat, bv. deur 'n stempel op was of iets anders wat vir so 'n impressie vatbaar is, gemaak word; vandaar dat die Engelse praat van letters as Latynse of Griekse „Characters". Cilliè sê dat daarop gelet moet word dat hy by die woord „karakter" byvoeglike naamwoorde moet gebruik as hy verstaan wil wees. Hy praat van 'n goeie, 'n slegte, 'n mooi, 'n sterk, 'n swak karakter.

(1) Förster, F.W. : School en Karakter bls. 20,25 en 210.
Kuyler, H.A. : Notas van Cilliè 1931.

(2) Adams, John : Herbartion - Psychology applied to Education bls. 10-15.
Artikel van Cillie in „Die Unie 1/2/33 bls.285.

(3) Förster, F.W. : Karaktervorming bls. 216-224.
Comenius, John, Amos. : „The Great Didactic bls. 294-254.
Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

Hy neem, as die betekenis wat hy aan die woord „karakter" gee, 'n omskrywing van Herbart: Iemand het 'n mooi of 'n goeie karakter as daar by hom 'n harmonie tussen insig en wil is, d.w.s. as hy die vermoë besit om te onderskei tussen wat goed, mooi, reg, eerbaar, edel, ens. en die teenoorgestelde is, die teenoorgestelde te haat (1).

(x) Cilliè beweer dat die opvoeder weet wat hy wil hê maar hy weet nie hoe om dit te kry nie. Hy wil die kinders beter maak. Die opvoeder preek vir die opvoedelinge oor karaktervorming maar hy voer maar min uit. Is sy doel verkeerd? Die meeste mense wil tog graag hê dat die indiwidu waarheidsliefde, eerlikheid, en liefde moet besit. Alle mense lieg op die een of ander tyd. Dit is waarskynlik omdat die lewe so konvensioneel en gemaakt is. Die mens is aan bande gelê en dan moet hy op die een of ander manier uitbreek (2).

(xi) Daar is ewig, blywende waardes, maar wat omtrent tydelike behoeftes? Daar is, bv. 'n wit leuen 'n onwaarheid om tydelik iets te kry. Moet die opvoeder en die kind hulle skik na tydelike of ewige behoeftes in die skool? Moet die kind geleer word dat eerlikheid die langste duur, dat leuens altyd verkeerd is? Moet alles opgeoffer word aan die ideaal wat die opvoeder voor hom stel? Die geskiedenis van Jacob en Esau herhaal hom nog elke dag. Dit mag nie in opvoeding gebeur nie. (3)

(1) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/10/44 bls. 72.
Herbart, J.F. : Pädagogische Schriften bls. 2, 3.

(2) Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

(3) Ibid.

(xii) Mense kry 'n ander insig in sake maar daar is nog 'n skeidslyn tussen goed en kwaad, reg en verkeerd. As die opvoeder dit nie aanneem nie, is dit onmoontlik om 'n lewensfilosofie op te bou. As die opvoeder aanneem dat karakteropvoeding die doel van sy opvoeding is, kan hy karakter opvoed (1). „We teach little Johnnie long division because he is an immortal soul!" (2). Tot onlangs het die opvoeders al die aandag aan die verstandelike ontwikkeling van die opvoedeling gegee en is die gemoed verwaarloos omdat hulle nie geweet het hoe om die gemoed op te voed nie (3).

(xiii) Die hele proses van die karakter opvoeding of die opvoeding van die gemoed wil Cilliè as volg saamvat: Die opvoeder moet die opvoedeling help om te weet, te verstaan en te onderskei- alles bloot die uitwerking van die verstand- wat goed is en wat sleg is. Hy moet die leerling help om te glo dat die regte ook vir hom beter is as die verkeerde. Dit is vir enige onderwyser duidelik dat die kind dinge geheel en al anders opvat as die volwassene en dat die opvoeder vir hom boeglam praat oor die een of die ander sedelike aangeleentheid en dat die leerlinge tog per slot van sake nog nie glo wat die onderwyser gesê het nie (4).

(1) Bosman, A.J. : Notas van Cilliè 1931.

(2) Clark, F. : Essays in the Politics of Education, bls. 68.
Bosman, A.J. : Notas van Cilliè 1931.

(3) Spencer, Herbert : Education, Intellectual, Moral, Physical bls. 126.
Welton, J. : What do we mean by Education? bls. 76 en 78.
Bosman, A.J. : Notas van Cilliè 1931.

(4) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/10/44 bls. 72.

(xiv) Die houding van die kind teenoor sy skoolwerk moet ook die standpunt wees wat hy teenoor sy lewenstaak inneem. Die grootste ramp van die lewe is wanneer 'n mens sy plig sonder geesdrif moet verrig. Die grootste aantal mislukkings van die onderwysroeping in die lewe is te wyte aan karakterswakheid en nie aan gebrek aan kennis nie. Die resultaat van die opvoedingswerk moet gemeet word nie in terme van kennis of liggaamlike krag nie maar in terme van gedrag en van die motiewe wat agter die gedrag sit (1). Hy moet die oortuiging kry dat die goeie onder alle omstandighede ook vir hom beter is as die teenoorgestelde. Eers kennis en dan 'n standpunt of ideaal en eindelik die gewilligheid of die wilskrag om die goeie te kies en te doen en die teenoorgestelde te haat. Die filosoof E. Kant het gesê dat die opvoeder se vernaamste taak is om die leerling te help om 'n goeie wil te ontwikkel (2).

(xv) 'n Opvoeding wat vir die lewe en nie alleen vir die skool opvoed nie, moet rekening hou met die vorming van die wil van die kind. Die opvoeder moet egter onderskei tussen koppigheid en wilskrag. Eersgenoemde is wat 'n mens wil sonder verstand, sonder rekenskap te gee (3). Een van die beste eienskappe wat die kind kan besit, is 'n goeie vrye wil.

(1) Artikel van Cillié in „Die Unie 1/10/21 bls. 86.
Kuyler, H.A. : Notas van Cillié 1946.

(2) Artikel van Cillié in „Die Unie" 1/10/44 bls. 72.

(3) Artikel van Cillié in „Die Unie" 1/11/15 bls. 122.
Die Burger 7/10/21.

(xvi) Die opvoeder neem die standpunt in dat 'n mens 'n vry wil het. Die mens kan wil. Dit is nie 'n kwessie van predestinasie nie. Die mens onderskei hom van die dier deurdat hy tot 'n groot mate in die toekoms kan sien. Hy stel 'n doel. Hy kan ook terugsien op die lewe. Om hierdie doel te bereik, moet hy 'n skema uitwerk en dit hang van die wil af. Wat die mens kan word, is die resultaat van kiemoorerwing; wat hy wil word, is die resultaat van die omgewing; wat hy werklik word, is die resultaat van die wil. As die opvoeder die harmonie tussen insig en wil het, het hy 'n volmaakte persoon - 'n volmaakte gevormde wil. Die opvoeder se groot moeilikheid is om die opvoedeling se wil so op te voed dat hy 'n goeie gevormde wil het (1).

(xvii) Die vraag of 'n mens die wil kan opvoed of nie, is deur sielkundiges ook nog nie beslissend beantwoord nie. Die gewone mens en die gewone onderwyser wat nog nie verward geraak het in die vrae of die wil vry is of nie; of die wil primêr of sekondêr is, d.w.s. of 'n mens met 'n sekere soort wil - sterk of swak - gebore word en of dit eers later ontwikkel, verbeter of agteruitgaan, glo dat 'n mens die wil kan opvoed, maar sy moeilikheid is dat hy nie seker is van die metodes wat hy moet volg nie (2).

(xviii) Die wil kan deur suggestie opgevoed word. Eise kan ook aan 'n persoon gestel word, d.w.s. hy moet tug. Vroeër dae is kinders deur onderwysers

(1) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/10/21 bls. 86.

(2) " " " " " " 1/10/44 bls. 72, 1/5/44 bls. 219.

gemartel. Die onderwyser tug nie vandag om die kind bang te maak nie, maar om hom selfrespek te laat kry (1). Die opvoeder kan nie die mens in drie stukke, nl. verstand, gemoed en liggaam deel nie, en tog sê die opvoeder dat hy deur die liggaam en deur die verstand die mens se gemoed wil opvoed. Die opvoeder begin dus met die opvoeding of die ontwikkeling van die verstand en van die liggaam maar hierdie opvoeding moet help om die gemoed en die wil op te voed (2). Wanneer die opvoeder die gemoed en die wil van die kind opvoed, moet hy nie deur 'n stremmende onderwysstelsel en ander remmende faktore wat nie bevorderlik vir die ontwikkeling van persoonlikheid, oorspronklikheid en eie inisiatief is nie, aan bande gelê word nie (3).

(xix) Nieteenstaande daar by die ontwikkeling van die karakter, die persoonlikheid, van die kind op skool stremmende faktore, soos 'n ondoeltreffende onderwysstelsel, die tydsfaktor, gebrek aan middels, ongunstige omgewing, traagheid van die opvoeder, ongewenste gedrag van die onderwyser, die kind se aangebore aanleg, sy oorerwing - fisies en verstandelik - soms aanwesig is, is dit die dure plig van die onderwyser om hom te beywer om die opvoedeling 'n sterk karakter te besorg. In sy poging om die leerling 'n sterk karakter te besorg, moet die onderwyser sekere faktore in aanmerking neem (4).

(1) Bosman, A. : Notas van Cilliè 1931.

(2) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/10/21 bls. 86.

(3) " " " " " " 1/1/15 bls. 172.

(4) Kuyler, H.A. : Notas van Cilliè 1946.

(xx) Die faktore wat by karakteropvoeding in aanmerking kom, is: Informasie- inligting- kennis. Die opvoeder kan nie karakter sonder enige kennis opbou nie. As hy mense verhef uit 'n toestand van onkunde, in hoever help dit hulle in die karakter? Hoever moet hy mense uit 'n toestand van onkunde verhef, totdat die verbetering nie meer kan nie? Dit wil nie sê dat, hoe beter 'n mens geleerd is, hoe beter sy karakter is nie (1).

(xxi) Ideale en gesindhede. Dit is die spil van die hele situasie. Kan die opvoeder die leerlinge onderrig om sekere ideale te koester en gesindhede teenoor sekere sake in te neem? As iemand weet wat hy is, maar hom nie daaroor bekommer nie, kan die onderwyser hom sover bring om 'n sekere vaste standpunt in te neem, d.w.s. hom 'n vaste lewensfilosofie gee. Cilliè meen dat dit moontlik is om dit te doen sonder om sy persoonlikheid te benadeel (2).

(xxii) Wilskrag is ook nodig om die lewe te sien, hoewel die opvoeder weet wat die ideale is. As iemand onderwyser wil word, moet hy aanneem dat die wil van die mens deur oefening kan verander en verbeter, d.w.s. die opvoeder neem aan dat die mens 'n vrye wil het (3).

(xxiii) Die middels. Die mens weet miskien wat goed vir sy karakteropvoeding is maar hy het nie die middels nie. As die opvoeder die standpunt gaan

(1) Charters, W.W. : The Teaching of Ideals, bls. 372.

(2) Bosman, A.J. : Notas van Cilliè 1931.

(3) Herbart, J.F. : Pädagogische Schriften. 12.
Bosman, A.J. : Notas van Cilliè 1931.

inneem dat hy nie karakter kan opvoed nie, beteken sy werk baie min. As die onderwyser aan die man in die straat sou vra of die hedendaagse geslag beter sal wees as die vorige, sal hy ontkennend antwoord, nieteenstaande daar altyd meer aan onderwys uitgegee word. Die opvoeder sê dit is omdat die kinders in die skool, bv. leer om eerlik te wees, terwyl hulle daarbuite sien dat die oneerlike man die beste daaraan toe is. Hierdie moeilikheid is te wyte aan gebrek aan kennis en middels. Sommige meen dat karakter buitekant die skool op die sportterreine moet opgevoed word maar Cillié meen dit moet direk opgevoed word deur aan die kind die regte soort kennis en lewenswysheid te verskaf (1).

(xxiv) Die filosofie van die onderwys moet in die rigting van minder intellektualisme en meer lewenswysheid, karakteropvoeding en opvoedende onderwys hersien word (2).

(xxv) Die opvoeders moet baie minder waarde aan eksamenuitslae, goeie simbole en die publikasie daarvan heg, as aan karakterbou en die ontwikkeling van persoonlikheid (3). Dit is onmoontlik om 'n karakter te vorm deur middel van fantastiese somme, onmoontlike diktee en die herkou van boekies wat geskryf is deur mense wat lank gelede kinders was en vergeet het hoe kinders dink en voel;

(1) Bosman, A.J. : Notas van Cilliè 1931.

(2). Die Burger 25/5/16. Artikel van Cilliè.
Artikel van Cillie in „Die Unie" 1/2/40 bls. 246.
(3) Petersen, Peter : Die Nieu-Europese Opvoedingsbeweging. bls. 23-25.

(3) Artikel van Cilliè in „Die Unie 1/3/44 bls. 174.
Reeves, C.E. : What is Education? bls. 18-23.

Nog minder deur middel van eksamens en inspeksie waar alleen nadruk gelê word op wat 'n eksentrieke eksaminator eis, en wat baie dikwels van die lewe nie veel verstaan nie (1). Die opvoeder moet die kind se persoonlikheid eerbiedig en sy ingeskape eienskappe ontwikkel en daaraan rigting gee, sy goeie hoedanighede, sy minder goeie karakter-eienskappe, sy neigings en bekwaamhede ken, om dan met hierdie kennis as uitgangspunt vir hom te help om reg te leer lewe, reg te wil, te dink en te doen (2).

(xxvi) Die opvoeding kan die eienskappe wat in die kind is, ontwikkel en wysig maar kan nie eienskappe skep nie. As die kind nie die karakteragtergrond het nie, kan die opvoeder nie bou nie. Deur aan die kind die groot deugde in die lewe voor te hou, sal hy op die karakteragtergrond kan bou (3).

(xxvii) Die kind moet leer om te waardeer wat mooi en sielverheffend is en die groot deugde van waarheid, stiptheid, netheid, nougesetheid en eerlikheid moet in hom ingegrif word (4). Die opvoeder moet die opvoedeling help om 'n mooi karakter volgens vaste oortuigings en beginsels te ontwikkel; hom op 'n mooi manier raad en inligting op sy lewenspad gee; hom leer om te sien wat goed is, wat waar is en wat mooi is.

(1) Die Burger 3/2/16. Artikel van Cilliè.
Artikel van Cillie in „Die Unie" 1/3/17 bls. 699.
Norwood, Cyril : The English Tradition of Education bls. 21-26. bls. 80.

(2) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/8/37 bls. 46 en 1/5/44 bls. 214.
Förster, F.W. : School en Karakter bls. 5-10.
Karaktervorming bls. 216.

(3) Kuyler, H.A. : Notas van Cilliè 1946.

(4) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/2/34 bls. 335.
Greyling, E. : Christelik en Nasionale Onderwys, Hoof. 1. Kunkel : Karakter, Greei

As die mens besef wat mooi is, sal hy ook weet wat goed en waar is. Daar is altyd iets moois in die lewe, waarna die mens moet strewe (1). Onder generlei omstandighede mag en sal Cilliè die idealisme, die geloof in die uiteindelike segepraal van die goeie oor die slegte, die reg oor die onreg in die lewe van die mens en van die volkere, prysgee nie (2). Die opvoeder moet vir die opvoedeling die positiewe en die negatiewe voorhou, waaruit hy self moet kies; die positiewe sal tot sy eie voordeel en die negatiewe tot sy eie nadeel strek (3). Hy moet aan die opvoedeling verduidelik dat 'n idealistiese lewens- en wêreldbeskouing verkieslik is bo 'n materialistiese wêreldbeskouing (4).

(xxviii) Volgens Cilliè moet die opvoeder 'n jong geslag kweek, wat die sedelik- godsdienstige bo die materiële stel en waardeer. Die volk moet geleer word dat 'n mens se waarde meer bepaal word deur wat hy is as deur wat hy besit (5).

(xxix) Cilliè wil die sedelike standvastigheid by die kind aangekweek sien, sodat hy kan verstaan en glo dat niks in die wêreld vir 'n enkele oomblik vir fundamentele karakterswakheid kan vergoed nie (6).

(1) Kuyler, H.A. : Notas van Cilliè 1946.
Klage, : Die Lehre vom Charakter. Bls.18-20.
Raymont, T.: The Principles of Education bls.9.

(2) Artikel van Cilliè in „Die Unie 1/5/46 bls. 231.
May, Frances : Education towards a christian Society 27.

(3) Kuyler, H.A. Notas van Cilliè 1946.

(4) Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1931.

(5) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/5/46 bls. 231.

(6) Welton, J. : What do we mean by Education? bls.57. Green, J.A. : The Educational Ideas of Pestalozzi bls. 131-140. Green, Ernest : Education for a new Society bls.78-80. Die Unie 1/5/46 bls. 231.

Verder moet die opvoeder by die jong geslag eerbied vir ouer mense, vir die godsdiens, vir heilige kontrakte, vir reg en billikheid, vir regverdigheid en geregtigheid aankweek, maar die onderwyser moet sorg dat hy dit alles eers self besit en beoefen. Die sedelike begrippe van die kind moet in die regte bane gestuur word. (1). Laat die opvoeder by sy taalonderwys en by al sy ander onderwys onthou dat hy in die allereerste plaas die klem op die sedelike kant daarvan moet lê (2).

(xxx) Tereg konstateer Cilliè dat/die opvoeder 'n nuwe oriëntering, 'n nuwe aanpassing, nuwe waardes,, nuwe ideale, die ou waarhede in 'n nuwe vorm ingeklee, nodig het. Sonder die vaste oortuiging dat daar ewige waardes is waarna die mens strewe, kan daar by die opvoeding niks uitgerig word nie (3).

(f) Sosiale Doeltreffendheid.

(i) Die opvoeder moet volgens Cilliè die kind so opvoed dat hy in staat gestel kan word om die sosiale wêreld waarin hy lewe, te kan verstaan en sy eie verhouding tot die wêreld te kan weet (4). Hy moet die kind leer aangaande die verhouding waarin mens tot mens staan. Mensekennis, wêreldkennis, wêreldbeskouing moet op skool verkry word (5). Daar behoort by die jeug meer

(1) „Die Unie" 1/2/33 bls. 285 en 320. Herbart, J.F. : The Science of Education, 26.

(2) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/10/21 bls. 86.

(3) Washburne, C. and Stearns, M.M. : Better Schools bls. 32-36. New Schools in the Old World bls. 45. Die Unie 1/10/21 bls. 86. Artikel van Cilliè.

(4) Die Burger 27/1/16. Artikel van Cilliè.

(5) Ons Land 22/6/22. Artikel van Cilliè.

**klem** op die **sosiale sy van** die **opvoeding gelê** te word (1). Die aanpassende **verstandsvermoë** van die kind moet ontwikkel word. **Die gebrek** daaraan is die grondslag van die **armeblankedom** (2).

(ii) As die kind by die samelewing moet aanpas, moet hy geleer word om 'n opgeruimde, vrolike lewenshouding aan te kweek en die mooi en aangename dinge in die lewe raak te sien en op die voorgrond te hou, maar dan moet die opvoeder eers by homself begin (3).

(iii) Verdraagsaamheid, wedersydse kennis, menseliefde, hulpvaardigheid moet die plek van wraaksug, selfsug en uitbuitery inneem, want dan alleen sal 'n nuwe wêreldorde tot stand kom as die mensdom daartoe gebring word om in die regte verhouding tot God en die medemens te staan (4).

(iv) Om in die regte verhouding tot God en die maatskappy te staan, moet die opvoeder hom vereenselwig met alle bewegings in die samelewing wat ten doel het die beskerming en verheffing van die kind en in die algemeen met alle nuttige ondernemings op sosiale gebied (5). Die opvoedeling moet so opgelei word dat hy sy verantwoordelikheid teenoor die bewegings in die samelewing later voel, en dat hy die sosiale pligte wat hy later in huislike kring en in die samelewing moet verrig, met waardigheid sal vervul. (6).

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| (1) | Artikel | van | Cilliè | in | "Die | Unie" | 1/4/15 bls. 256. |
| (2) | " | " | " | " | " | " | 1/7/33 bls. 7. |
| (3) | " | " | " | " | " | " | 1/7/39 bls. 2. |
| | " | " | " | " | " | " | 1/2/43 bls. 250. |
| (4) | " | " | " | " | " | " | 1/10/39 bls. 114. |
| | | | | | | | 1/6/45 bls. 234. |
| (5) | " | " | " | " | " | " | 1/1/42 bls. 223. |
| | | | | | | | 1/2/46 bls. 170. |
| (6) | " | " | " | " | " | " | 1/2/21 bls. 296. |

(v) Elke mens moet daartoe gebring word om te sien en te voel dat hy 'n noodsaaklike plek in die samelewing inneem, hoe gering sy werk ookal mag wees, en dat hy vir daardie werk onmiskenbaar is (1). In die goedgeorganiseerde maatskappy moet elke lid, van die oudste tot die jongste, sy regte plek hê, sy regte plek verstaan, waar hy sy eie bydrae vir die opbou, die heil en die welvaart van die maatskappy kan lewer (2).

Hy moet ook sy plek en sy verhouding in die fisiese omgewing ken en vervul (3).

Om aan die jong geslag daardie plek aan te wys, moet een van die doelstellings van die opvoeding wees (4).

Om daardie plek in die maatskappy met waardigheid te vul, moet die opvoedeling krag besit, krag om reg te dink, krag om homself te beheer en om andere ten goede te beinvloed, krag om met lus en toewyding sy werk te doen (5).

(g) Beroepsleiding en Beroepsopleiding as Doel.

(i) Die begrip, „beroepsopvoeding" is volgens Cilliè stokoud. Beroepsopvoeding beteken 'n opvoeding in een of ander beroep, sodat die opvoedeling of volwassene hom by die groep kan aansluit. Die opvoeder voed op vir die lewe en vir die samelewing wat uit groepe van mense bestaan. Daar is 'n rassegroep - dit is die oorspronklike indeling - en verder kan die groepe ook as

(1) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/12/34 bls. 215.
(2) " " " " " " 1/2/33 bls. 320.
(3) Die Burger 27/1/16. Artikel van Cilliè.
(4) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/2/33 bls. 320.
(5) Ons Land 22/6/22. Artikel van Cilliè.

handelaars, predikante, agente ens. ingedeel word, d.w.s. volgens die verskillende beroepe wat die mens gekies het (1).

(ii) Die hooffaktor wat by die keuse van 'n beroep die deurslag gee, is die ekonomiese faktor. Die mens word feitlik siel en liggaam deur die ekonomiese faktor beheers.

(iii) Ander faktore wat by die keuse van 'n beroep 'n rol speel is:

Sosiale oorerwing.

Status in die samelewing.

Aansien en invloed.

Aanleg.

Liefde vir die beroep.

(iv) Daar is 'n groot kloof tussen wil en geskiktheid om die een of ander beroep te volg (2). As 'n mens feitlik presies sal kan sê wat die kind sal word en waarvoor hy aanleg het, kom die beswaar teen die hele saak dat dit te tegnies is. Van die mens word 'n masjien gemaak. Per slot van rekening kom dit op die mens se eie disposisie neer, sy natura, d.i. of hy die mens kan vertrou; die dinge waaronder hy werk, kan verstaan en waardeer. Dit is derhalwe baie moeilik om dinge vooraf te bepaal. Die mens moet eers in die posisie geplaas word om uit te vind of dit sy plek is (3).

(1) Loubser, J.S. : Notas van Cillié 1921.

(2) Ibid.

(3) Ibid.

(v) Wat hy 'n mens by die keuse van 'n beroep die swaarste moet wees, is: Waar kan ek met die talente wat die Heer in Sy genadige goedheid aan my toevertrou het, my medemens die beste dien? Die loon wat 'n mens daarvoor gaan kry, is van minder belang (1). Dit kom baie meer daarop aan wat 'n mens is, as wat hy besit. Pligsbesef is van meer waarde as materiële sukses. Hoë idealisme kan alleen 'n volk groot maak maar die Suid-Afrikaanse volk is besig om op 'n baie verderflike materialisme af te stuur (2).

(vi) By die keuse van 'n beroep moet vir jong mense die onderwysberoep nie net genoem werd nie maar sterk by hulle aangeprys word (3). Die opvoeder moet die idee laat posvat dat 'n mens se aanbag, nering, roeping, professie vir hom 'n manier van lewe moet wees en nie in die eerste plek 'n manier om geld en besitting bymekaar te maak nie. In plaas van 'n materialistiese wêreldbeskouing moet die opvoeder by die mens 'n gesindheid opwek wat die siel, die persoonlikheid laat groei en ontwikkel (4). Die opvoeder het maar alte dikwels aan sy leerlinge gesê en dit vir hulle as spoorslag vir harde werk voorgehou dat deur meer geleerdheid te kry, hulle beter betrekkings kan beheer en meer geld kan verdien. Daar is te veel 'n beroep op die selfsug, die eie

(1) Ons Land 22/6/22. Artikel van Cillié.
Artikel van Cillie in „Die Unie" 1/5/46 bls.231.

(2) Die Burger 18/11/20. Artikel van Cillié.

(3) Artikel van Cillié in „Die Unie" 1/10/46 bls. 79.
Bosman, A. : Notas van Cillié 1931.

(4) Artikels van Cillie in „Die Unie"1/1/35 bls. 254, en 1/8/36 bls. 52.

belang en voordeel van die leerlinge gedaan en te min daarop gewys dat die enigste rede vir 'n beter toerusting vir die lewe, 'n hoër ontwikkeling van die opvoedeling se gawes en talente behoort te wees, sodat hy sy medemens beter kan dien. Alleen onselfsugtige, onbaatsugtige diens aan die mens gee bevrediging hier op aarde (1).

(vii) As al die vermoëns van die kind in die regte soort skool en deur die regte soort onderwyser tot die hoogste moontlikheid ontwikkel is, moet aan elke opvoedeling die soort werk verskaf word waar hy aan sy volk die beste diens kan bewys, gelukkig kan voel en die beste kan groei en ontwikkel (2).

(viii) As die opvoeder kan bepaal waarvoor elke kind in die wieg gelê is, moet hy by sy onderwys met die loopbaan wat die kind wil volg, nadat hy die skool verlaat het, rekening hou (3).

(ix) Volgens Cilliè moet die ideaal wees dat elke kind een of ander beroep op skool moet leer. Vir 'n sodanige beroep is leiding en opleiding nodig. Die beroep moet gesosialiseer word. Dit baat niks om verpligte onderwys tot 'n sekere ouderdom te hê en die kind is onvoorbereid vir die lewe wanneer hy na bereiking van die ouderdom die skool verlaat. Die opvoeder se hoofdoel by die

(1) Artikels van Cilliè in „Die Unie" 1/9/32 bls. 134 en 1/11/29 bls. 123.

(2) Bosman, A.J. : Notas van Cilliè 1931.
Prinsloo, M.J. : Beroepskeusevoorligting bls. 76.

(3) Die Burger 3/2/16 en Die Burger 27/1/16.
Artikels van Cilliè.

opvoeding moet nie vanuit 'n utilitariese standpunt beskou word nie maar daar moet iets daarvan ook wees (1). Van 'n utilitariese standpunt beskou, moet die kind deur praktiese opvoeding in staat gestel word om sy weg in die maatskappy te vind (2). Van 'n kulturêle gesigspunt beskou, moet die kind onderrig word om beskaafd te word en in die kulturêle lewe van die nasie te kan inleef (3).

(x) Deur praktiese opvoeding verstaan die nie-vakman dat die kind vir sy lewensberoep moet voorberei word. Vir hierdie doel is daar tegniese skole. Met praktiese onderwys bedoel Cilliè dat meer van die alledaagse lewe in die skool moet ingevoer word. Die opvoeder moet die kind leer om sy hande te gebruik; hom leer sien, hoor en praat (4).

Laat die opvoeder beoog om sy gewone onderwys meer prakties te maak, dan sal daar baie minder van die vakonderwys gehoor word (5).

(xi) Vandag volg die Suid-Afrikaanse skole die Amerikaanse voorbeeld deur vakopleiding - vakke soos boekhou, landbou en huishoudkunde op die hoërskole te gee. Die kind leer in Amerika, bv. boekhou om boekhouer te word, sodat hy 'n sekere vaste salaris kan kry. In Suid-Afrika

(1) Artikels van Cilliè in „Die Unie" 1/2/34 bls. 335 en 1/3/17 bls. 699. Prinsloo, M.J. : Beroepskeusevoorligting bls. 64. Malherbe, E.G. : Educational Adaptations in a changing Society bls. 250.

(2) Loubser J.S. : Notas van Cilliè 1921.

(3) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/3/26 bls. 240. Bosman, A.J. : Notas van Cilliè 1931.

(4) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/6/54 bls. 406. Die Burger 7/10/15. Artikel van Cilliè.

(5) Die Burger 12/9/29. Artikel van Cilliè. Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/10/29 bls. 105.

is die doel nie soos in Amerika om persone vir boekhouers, boere, ens. op te lei nie. In Suid-afrika bly hierdie vakke as hulle in die gewone skool inkom, akademies. Hulle word nie gedoseer met die doel dat hulle direk gebruik gaan word nie. Dit is volgens Cilliè natuurlik 'n heeltemal verkeerde idee. Die kind moet in die praktyk van die vakke kan gebruik maak. Boekhou word aan die kind doseer om van hom 'n mens te maak. Hy moet iets kan doen. Die onderwyser slaag nog nie daarin om die kind die regte perspektief te gee nie. Dit is 'n metode om die opvoeder se ervarings te hanteer (1).

(xii) Die Amerikaanse skoolstelsel beoog 'n utilitariese en materialistiese doel en verklaar dat wat op skool geleer word, 'n markwaarde moet hê. Die opleiding van die kind moet meer spesifiek wees, sodat die onderwyser sy kennis kan verkoop. Die opvoeding as onderwyser is spesifiek, want dit is 'n beroepsopleiding. So moet kinders ook opgelei word. Volgens Cilliè lyk dit betreklik onmoontlik in die gewone skole van Suid-Afrika (2).

(xiii) Sommige opvoedkundiges besef nie dat die oplossing van die probleem, i.v.m. beroepsleiding en beroepsopleiding nie te vinde is in groter differensiasie van onderwerpe nie maar in differensiasie van die leerlinge.

(1) Bosman A.J. : Notas van Cilliè 1931.

(2) Ibid.

Die lewe eis dat die kind wat die skool na matriek verlaat, nie vir 'n spesifieke beroep voorberei moet wees nie, anders is so 'n kind in Suid-Afrikaanse veranderende ekonomiese toestande baie sleg daaraan toe (1).

Dit kom tog voor dat kinders in Suid-Afrikaanse skole handwerk leer, bv. houtwerk, landbou, ens. en vir meisies, naaldwerk, kookkuns, ens. Dit lyk na beroepswerk maar is dit werklik die geval? Behalwe kookkuns is dit werklik nie die geval nie. Die doel van landbou-onderwys in die gewone skole is ook nie om boere op te lei nie. Die „High Schools" in Amerika is byna net soos die van Suid-Afrika. Hulle opleiding is 'n twaalfjarige kursus, ses jaar primêre onderwys, drie jaar junior onderwys en drie jaar senior onderwys. Hulle het vier praktiese vakke ingevoer, nl. landbou, kommersiële vakke, huishoudkunde en ambagte. Die doel met hierdie vakke is om geld te verdien. Vir hierdie vakke kry die kind 'n sertifikaat waarmee hy die lewe kan ingaan. Hier het 'n mens met beroepsopleiding te doen. Een van twee dinge kan gebeur as hierdie praktiese vakke gegee word, bv. in lanbouonderwys kan teorie nog die hoofrol speel of alle ander vakke kan in terme van landbou behandel word (2).

(1) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/5/36 bls. 395.
(2) Bosman, A. : Notas van Cilliè 1931.

(xiv) Die Amerikaners beoog dan 'n utilitaristiese en materialistiese doel. Daarin lê die onderskeid tussen gewone algemene opleiding in Suid-Afrikaanse skole en vakopleiding. (1).

(xv) Wat Cilliè met 'n algemene opleiding bedoel, is om ten doel te hê, om die algemene lewe te verstaan. Die algemene opvoeding moet 'n breër uitsig op die lewe gee. Algemene opleiding kan net so eng as vakopleiding gemaak word maar die tyd is verby om te beweer dat een onderwerp meer waarde as 'n ander het. Al wat Cilliè kan sê, is dat daar 'n onderskeid is tussen die man wat net 'n algemene en die wat net 'n vakopleiding gehad het (2). Die professionele man het 'n filosofie van die lewe; die ambagsman ken slegs die tegniek (3).

Daar moet vakopleiding en algemene opleiding wees maar die vraag is waar hulle bymekaar kom en of vakopleiding in die gewone skool of in vakskole gegee moet word. Laat Suid-Afrika se doel die van Denemarke wees: "Eers mens, dan vakman". (4).

(xvi) Kerschensteiner konstateer dat die idee wat sommige opvoeders het van opvoeding, nl. algemene opvoeding, 'n misgreep is. Daar moet 'n spesifieke doel wees, sodat die vak dadelik kan gebruik word as dit geleer is. As die leerling Latyn geleer het, moet hy dit dadelik kan gebruik, en dit moet die kind tot idealisme aanspoor. Hy wil hê dat die opvoeder die kinders

(1) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/5/36 bls. 395.
(2) Ibid
(3) Bosman, A. : Notas van Cilliè 1931.
(4) Artikel van Cilliè in „Die Unie 1/5/36 bls. 395.

onder skoolomstandighede moet oplei vir hul beroep (Lewenstaak). Die algemene opleiding is volgens hom slegs die van nabootsing. Hy sê dat laasgenoemde onbevredigend is en gevolglik het hy vakskole gestig. Hy het die onderwys sekondêr gemaak (1). Die gevolg hiervan in Engeland en Duitsland is dat daar 'n baie groot kloof tussen brein- en handewerkers is (2).

(xvii) Kerschensteiner beweer verder dat die kinders vakke op skool moet leer om sodoende op hul idealisme te werk, sodat hulle 'n gevoel van eiewaarde kan kry. As iemand geleer word deur 'n skoenmaker wat slegs in skoenmakery onderwys gee en nie sy bestaan daaruit maak nie; dan leer hy meer idealisme as iemand wat by 'n regte skoenmaker geleer het (3). Onder skooltoestande is dit makliker om aan kinders idealisme te leer omdat daar nie soiets as enige geldmakery by die leermeester is nie (4).

(xviii) Kerschensteiner sê dat die mens alleen iets kan presteer as hy iets van homself dink en dit kan slegs gebeur as hy iets kan doen, m.a.w. as hy 'n diens aan andere kan bewys. Die beroep moet van die begrip selfsug uitgaan. Dan voel hy dat daar 'n plek vir hom in die samelewing is. As 'n mens niks op aarde kan doen nie, verloor hy alle lewensmoed (5).

(1) Kerschensteiner, Georg : Theorie der Bildung bls. 22.
Kuyler, H.A. : Notas van Cilliė 1946.

(2) Bosman, A. : Notas van Cilliė 1931.

(3) Kerschensteiner, G. : Die Theorie der Bildung bls. 27-29.
Bosman, A.J. : Notas van Cilliė 1931.

(4) Bosman, A. : Notas van Cilliė 1931.

(5) Kerschensteiner, G. : Theorie der Bildung bls. 86. 471.
Bosman, A.J. : Notas van Cilliė 1931.

Volgens Cilliè is hierdie ontdekking van Kerschensteiner van baie groot waarde. Kerschensteiner sê dat die beroep van die begrip selfsug moet uitgaan, maar volgens Cilliè is dit verkeerd, want hierdeur word 'n mens verbasend eng en sien slegs sy eie beroep en die geld wat hy daaruit kan maak. Laasgenoemde moet baie sterk by die kind beveg word (1).

(xix) Kerschensteiner beklemtoon veral <u>kultuur</u>. Al sy leerlinge kry onderrig in Duitse Letterkunde, Geskiedenis en Godsdiens. Volgens Cilliè is hier 'n onderskeid tussen leermeester en onderwyser in hierdie skole. Al sy leerlinge is tegelykertyd in die werk (2).

(xv) Die Amerikaners het Kerschensteiner se metodes bestudeer en gevind dat daarin verdienstelike dinge is. Hulle het egter 'n stap verder as Kerschensteiner gegaan. Hulle is demokraties; derhalwe moes dieselfde geleenthede aan al die kinders gegee word. Hulle het sodoende beroepsopleiding in hul sekondêre skole opgeneem. Die groot onderwysvereniging in Amerika, die „National Education Association" het sedert 1911 sekere dinge i.v.m. onderwys ondersoek. Hulle wou weet wat die waarde van die onderwys in 'n vak soos geskiedenis bv., was; wat die metode en die middels moes wees. 'n Reviserende Komitee is aangestel om ondersoek oor die beginsels van die filosofie van die sekondêre onderwys - „The Cardinal Principles of Secondary Education,"

(1) Bosman, A. : Notas van Cilliè 1931.

(2) Ibid.

in te stel. Na sewe jaar het hulle die rapport uitgebring en sewe „Cardinal Principles" beklemtoon; daar moes die doelstellings of die „objectives" van die sekondêre onderwys wees. Een hiervan was „vocation." Na die middelbare skool moes die kind een of ander beroep uitoefen. Die hele opvoedingstelsel moes 'n eenheid wees. Daar kon nie gesê word hier hou die primêre onderwys op nie. Die kind leer soos 'n volwassene (1).

Die sewe „Cardinal principles" is:

"Health."

"Command of fundamental processes", d.w.s. kennis.

"Worthy Home Membership".

"Vocation".

"Citizenship".

"Worthy use of Leisure".

"Ethical Character". (2).

(xxi) In verband met „Health" beweer die komitee dat die kind in die skool gesond moet wees en gesond die skool verlaat. „Health" sluit hier in gesondheid van liggaam en siel. Vir geestelike swak kinders het hulle klinieke en hulle praat van „Mental Hygiene." Die skool neem hierdie werk, wat vroeër deur medici gedoen was, op hom.

(xxii) Kennis is die hoofdoel by die Amerikaanse opvoedeling, maar dit lyk volgens literatuur of Amerikaanse pedagoë al minder waarde aan kennis heg.

(1) Bosman, A. : Notas van Cilliê 1931.

(2) Coetzee, J. Chris : Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde bls. 31.

In Duitsland is hierdie rigting al baie sterk en opvoedkundiges trek sterk te kampe teen die sogenaamde intellektualisme van die 19de eeu. Daar word meer nadruk op karaktervorming gelê. Die „National Education Association" het baie nadruk op kennis gelê omdat Amerika op hierdie gebied so ver agter gestaan het (1).

(xxiii) „Worthy Home Membership" is volgens Cilliè nie in Suid-Afrika so nodig as in Amerika nie. Die Amerikaanse kind lyk nie na 'n kind nie, hulle is almal grootmense. Cilliè beweer dat die kind sy regte plek moet ken en sy verhouding tot sy ouers besef. Die opvoeder moet kennis en beoefening van pligte as lid van 'n huisgesin by die kind aanbring (2).

(xxiv) Baie opvoedkundiges beweer dat „Vocation" nie op die primêre of sekondêre skool geleer kan word nie. In verband hiermee is die „Association," volgens Cilliè, verdeeld.

(xxv) Opvoeding het ook tot doel om staatsburgers op te lei, d.w.s. „citizenship." „Citizenship" was die hoofgedagte van die Atheense opvoeding. Nou is die lande wat ons die voorbeeld gee wat dit is om staatsburgers op te lei, Rusland en Italië. In Rusland word die kommunistiese leer geindoktrineer. Die idee in Suid-Afrika het oorgewaai van Amerika waar hulle met die idee „Americanization" besig was. Die vreemdelinge moes Amerikaanse gewoontes aanleer en Amerikaanse ideale hooghou (3).

(1) Bosman, A. : Notas van Cilliè 1931.

(2) Artikels van Cilliè in Die Unie van 1/11/29 bls. 123., en in Die Unie van 1/2/30 bls. 215.

(3) Bosman, A. : Notas van Cilliè 1931.

Volgens Cillié is by die opvoeding in Suid-Afrika die hoofdoel nie om staatsburgers op te lei nie maar die opleiding van staatsburgers moet een van die doelstellings wees, want daardeur sal die kind sy plek in die samelewing aangewys word. Die nuwe idees sê dat die vorming van goeie staatsburgers die einddoel van die opvoeding moet wees maar die gevaar is daar dat die burger sy indiwidualiteit kan kwytraak. Hoe baie professore is daar nie wat opgehou het om mens te wees. Die vorming van goeie staatsburgers word in sommige lande van die wêreld beklemtoon, sodat daar nie gevaar is dat die een nasie die kultuur van die ander sal aanneem nie. Cillié sê egter dat daar nie alleen respek vir die eie moet wees nie maar die goed van die ander nasie moet gerespekteer word, sodat ook hierdie stroming 'n positiewe waarde kan hê (1). Cillié wil die kind die nodige kennis i.v.m. die beoefening van sy pligte as burger van die staat, verskaf (2).

(xxvi) „Worthy Use of Leisure." Een van die belangrikste faktore in die program is volgens Cillié hierdie een. Met die ontwikkeling van masjinerie en al die middels om werk maklik te maak, het die mens baie meer vryetyd. Die werk in die fabrieke is vandag absoluut eentonig, sodat die mens soos 'n masjien word. Daar moet dus iets gedoen word om die eentonigheid af te wissel (3).

(1) Kuyler, H.A. : Notas van Cillié 1946.

(2) Artikels van Cillié in „Die Unie" 1/11/29 bls. 123, en „Die Unie" 1/2/30 bls. 215.

(3) Bosman, A. : Notas van Cillié 1931.

Die opvoeder moet veelsydige kennis en belangstelling as basis vir die nuttige gebruik van vryetyd by die opvoeding van die kind nie uit die oog verloor nie (1). Die kind moet geleer word hoe om sy vryetyd vir sy eie vorming en ontwikkeling die beste te gebruik. Daar moet by die kind 'n liefhebbery ontstaan, waarmee hy hom ná skool kan besig hou en werksaamhede moet vir die doel geskep word (2). Die opvoeder moet die kind leer dat sy dienste aan die publiek behoort. Kinderarbeid is 'n gevaar maar kinderledigheid is 'n groter gevaar (3).

(xxvii) Ethical Character (Karakteropvoeding). Die „Association" het dit as die belangrikste stelling beskou. Volgens Cillié moet dit die alomvattende doel van die opvoeding wees (4).

5. <u>Opvoeding van die „hele kind."</u>

(i) Die nuutste pedagogiese parool is dat die „hele kind" opgevoed moet word, ofskoon die skool nie die hele opvoeding van die kind moet en kan onderneem nie, want die „hele kind" het nie grense nie (5). As hy goed waargeneem word, word daar elke dag iets nuuts in hom gesien, wat nooit binne sy grense van „heelheid" vermoed is nie (6).

(1) Artikels van Cillié in „Die Unie" 1/11/29 bls. 123, en „Die Unie" 1/2/30 bls. 215.
(2) Kuyler, H.A. : Notas van Cillié 1946.
(3) Artikel van Cillié in „Die Unie" 1/5/36 bls.403.
(4) Bosman, A. : Notas van Cillié 1931.
(5) Artikel van Cillié in „Die Unie" 1/2/39 bls. 243.
(6) " " " " " " 1/2/43 bls. 174.

(ii) In die wydvertakte samelewing met sy ingewikkelde probleme is dit van die grootste belang dat elke opvoedeling breed onderleg word, sodat die kind 'n veelsydige belangstelling kan aankweek en sy balans kan behou (1). Wie dus die kind wil opvoed, moet sy aandag aan sy liggaam, sy verstand en sy gemoed gee. Die liggaam en die verstand kry op die dagskool genoegsaam aandag maar sy gemoedslewe, veral die godsdienstige sy daarvan, word dikwels verwaarloos of die onderwys in die godsdiens maak geen indruk nie en dit laat ook geen blywende resultate agter nie (2). As die opvoeder 'n mooi ewewig tussen die opvoeding van die liggaam, die gemoed en die verstand kan bewerkstellig, dan het hy die „hele kind" (3).

(iii) Die ware doel van die opvoeding moet nie wees om die samelewing te verskool nie maar saam met die samelewing te werk en sy ondersteuning vir die opvoeding, nie net van die „hele kind" nie, maar van die „hele nasie", te verkry; om die lewensbeskouing van die nasie in die regte rigting te lei en te stuur (4).

## 6. Samevatting en Gevolgtrekking.

(i) Volgens die onderskeid wat Cilliè tussen onderwys en opvoeding maak, is dit nie duidelik of die begrip „opvoeding" in sy algemene sin, d.w.s.

(1) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/11/34 bls.193.

(2) Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/1/22 bls.171.

(3) Die Burger 21/10/33. Artikel van Cilliè.

(4) Die Burger 14/9/16. Artikel van Cilliè. Artikel van Cilliè in „Die Unie" 1/2/39 bls. 243.

„vae, maar nooit eindigende of beëindigde proses", opgevat moet word nie en of die proses vanaf voor die geboorte van die mens tot aan sy dood moet duur nie (1). Ook maak Cilliė geen melding van sekere mense wat geensins vatbaar vir onderwys en opvoeding is nie, soos bv. swaksinniges en of siniele grysaards. Dit is ook nie duidelik of Cilliė die begrip „opvoeding" in sy engere wetenskaplike sin gebruik nie, d.w.s. die spesifieke beinvloeding van die jonger geslag deur die ouer geslag.

(ii) Cilliė onderskrywe tot op sekere hoogte die omskrywing van die begrip opvoeding van Rozenkranz, nl. „opvoeding is die doelbewuste planmatige inwerking van 'n reeds gevormde persoonlikheid op 'n nog ongevormde persoonlikheid om laasgenoemde te vorm of te laat ontwikkel tot 'n tevore opgestelde ideale mens." Cilliė kan hom nie heeltemal met laasgenoemde definisie vereenselwig nie ; wanneer die idee daaruit afgelei word dat die opvoeder sy stempel op die opvoedeling moet afdruk. Ook onderskrywe Cilliė gedeeltelik die begrip van Adams oor opvoeding, nl. „opvoeding is die proses waardeur 'n poging aangewend word om die oorspronklike natuur van die mens te wysig, te verander, te ontwikkel met die doel om dit te verbeter. Opvoeding is 'n doelbewuste inwerking van 'n reeds gevormde persoonlikheid op 'n ongevormde persoonlikheid." Cilliė se beswaar teen hierdie omskrywing is dat hy nie weet wat hy onder die uitdrukking

(1) Coetzee, J. Chris : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde. Bls. 83.

„die oorsprohklike natuur" van die mens moet verstaan nie, aangesien daar twee uiterste opvattings van hierdie saak is, nl. (a) dat die mens van nature goed gebore word en dat hy as gevolg van die omgewing se inwerking of invloed versleg; (b) dat die mens in sonde ontvang en gebore word en geneig is tot alle kwaad.

(iii) Cilliė gaan dan voort deur die opvoedings-proses in vier begrippe saam te vat, nl. kennis, die aankweek van ideale, die aankweek en ontwikkeling van gesindhede waardeur die mens 'n standpunt teenoor sy ideale kan inneem en die ontwikkeling van wilskrag om uit te voer wat die mens ken en wat hy as die ideaal beskou, die handeling waarvoor hy 'n standpunt ingeneem het. Uit die voorgaande omskrywinge van die begrip opvoeding deur opvoedkundiges blyk dit duidelik dat by die opvoeding van die mens dit oor planmatigheid en doelbewustheid van handelinge gaan. Die begrip opvoeding kan dan in die algemeen as volg omskrywe word; „dit is 'n opsetlike bewuste planmatige, doelbewuste en doelnastrewende werksaamheid, handeling of daad wat die vorming van die onvolwasse mens as mens op die oog het om hom daardeur uit 'n toestand van kinderlikheid oor en op te lei na 'n toestand van volwassenheid." (1).

(iv). By Cilliė se samevatting van die hele opvoedingsproses in vier begrippe, sou ek graag wil sien dat hy meer bepaald moet spesifiseer watter soort kennis en ideale hy bedoel.

(1) Coetzee, J. Chris : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde bls. 89.

Volgens sy begrippe van die opvoedingsproses word daar ook geen melding van „waaragtige godsvrug, egte beskawing en 'n gesonde liggaamlike ontwikkeling" gemaak nie (1).

(v) Wat Cilliè se doel van die opvoeding betref, laat hy na om te sê waarom daar 'n opvoedingsdoel moet wees. By alle menslike arbeid is 'n duidelike gestelde doel onmisbaar, want alleen dan kan die gegewe voorwaardes en toestande goed en sorgvuldig waargeneem en ondersoek word om op grond daarvan duidelik te onderskei en te herken wat die moeilikhede en die middele is vir en by die bereiking van die doel. Die mens besit dan alleen die juiste insig in die volgorde van die middele om die doel te bereik; die doel vereenvoudig ook die keuse en rangskikking van die middele. 'n Duidelik gestelde doel maak dit alleen moontlik om 'n keuse uit bepaalde alternatiewe prosedures te doen.

(vi) Cilliè bepaal ook nie watter vereistes nodig is wanneer die opvoeder met 'n doel opvoed nie. Daar moet, bv., orde en geordenheid en kontinuiteit in die opvoedende werksaamheid aanwesig wees en waargeneem kan word. Die een stap moet op die ander volg maar ook daarby aansluit. Die handeling met 'n doel verrig, is ook altyd doelbewus sowel as doelgerig. (2).

(1) Coetzee, J. Chris : Die eerste Beginsels van die Calvinistiese Opvoeding bls. 23.

(2) McDougall, W. : Introduction to Social Psychology bls. 9.
Dewey, J. : Democracy and Education bls. 119.

(vii) Dit is wenslik dat Cilliè 'n omskrywing van 'n doel in lewe en opvoeding moes gee. „'n Doel in lewe en opvoeding kan gestel word as die ordelike, bewusnagestrewe, voorafbepaalde en vooruitgesiene end van 'n mens se handeling." (1). Cilliè onderskei ook nie tussen nabysynde, verwyderde en uiteindelike opvoedingsdoeleindes nie. Alhoewel die menslike handelinge doelgerigte handelinge is, is alle handeling nie op dieselfde doël gerig nie. Wat die mens deen, doen hy om gevolge te verkry of te vèrmy. 'n Mens handel om 'n sekere doel te bereik; is die doel eenmaal bereik, word die doel 'n middel tot 'n verdere doel. Alle nabysynde en verwyderde doelstellings is maar net soveel stappe nader aan die bereiking van die einddoel.

(viii) Die doelstelling moet ook gegrond wees op en aansluit by die mens se lewens- en wêreldbeskouing. Die einddoel by alle Christene is finaal en onveranderlik, maar hul verwyderde en nabysynde doeleindes kan tog baie verskil en kan dus nie finaal, absoluut en onveranderlik wees nie. Daar is, bv. die mens se fisiologiese, psigologiese, verstandelik-redelike of logiese, staatkundige, etiese, estetiese, filosofiese en religieuse doelstellings wat nie in stryd met die Christen se religieuse doel mag wees nie, maar daarop gegrond moet wees, daarby aansluit en daarmee ooreenstem. Die nabysynde en

(1) Coetzee, J. Chris : Die eerste Beginsels van die Calvinistiese Opvoeding bls. 18.

verwyderde doelstellings moet hulle kan wysig volgens veranderde lewens- en tydsomstandighede. Alle opvoedingsdoelstellings moet nie buite die bereik van die opvoedeling se vermoëns, neiginge, aanleg, behoeftes, aangeleerde gewoontes en handelinge wees nie. Die Christen het nie alleen 'n christelike beskouing oor die einddoel van die opvoeding nie maar ook oor die opvoedingsmetode. Wat Cilliė se christelike opvoedingsdoelstelling betref, stem ek heelhartig met hom saam wanneer hy sê dat „die christelike ideaal van opvoeding is opvoeding vir die ewigheid, nl. „waaragtige godsvrug, organies verbonde met degelike kennis en ēgte beskawing." Daar kan geen ware opvoeding wees as dit nie op christelike grondslag berus nie. By die opvoeding van die opvoedeling glo ek saam met Cilliė aan die kind se goddelike herkoms, aan sy ewige goddelike bestemming.

(ix) Die opvoeder moet met die middele en geleenthede wat hy het en waaroor hy tans beskik, die opvoeding in die skole so inrig dat hy die jong geslag kan leer en onder die indruk kan bring van die betekenis van die ware christelike godsdiens in die lewe van die enkeling, die gemeenskap en die nasie. Die mens se lewe moet God-gerig wees, anders kan dit nie suksesvol wees nie. Die vernaamste en uiteindelike doel van die menslike lewe is om die Here te vrees, om God te ken wat die mens geskape het; dit word alleen gevind by die mens van God, wat volkome toegerus vir elke goeie werk is. Godsdiensonderwys in die skole moet die regte plek inneem as die opvoeder

menslike mense wil opvoed en dit kan alleen deur die regte godsdiensonderrig met die Bybel as grondslag geskied.

(x) Cilliè is tereg 'n voorstander van Christelike staatskole en keur dit af dat daar groep- of kerkskole met staatsondersteuning deur groep-ouers met dieselfde godsdienstige oortuigings of dieselfde lewensbeskouing, gestig word. Ouers behoort egter die reg van voorbehoud te hê dat, wanneer hulle voel dat sodanige staatskole nie reg aan die godsdiens van hul kinders volgens die ouers se godsdienstige lewensbeskouing laat geskied nie, hulle hul eie skole met staatsondersteuning kan stig en hulle die regte soort onderwyser kan kies.

(xi) Ek beaam ook saam met Cilliè dat daar van Christelike opvoeding in die ware sin van die woord geen sprake kan wees nie, as dit nie deur 'n onderwyser gegee word, wie se lewens- en wêreldbeskouing met die van die kinders uit christelike huisgesinne ooreenkom nie.

(xii) Saam met Cilliè wil ek konstateer dat die skool magteloos is as die saak van godsdiensonderwys by die huis verwaarloos word, want alleen op 'n godsdienstige fondament wat in die huis gelê is, kan die skool en die kerk voortbou. Die doel moet dus wees 'n noue samewerking tussen skool, huis en kerk, want alleen daardeur kan 'n groot nasie opgebou word.

(xiii) Volgens Cilliè se verklaring van die woord „nasionaliteit" bestaan daar geen bevredigende definisie vir die woord nie. Volgens my

opvatting word met die woord „nasionaliteit" verstaan die groepseenheid wat deur die eie aard en bepaalde roepingsbesef van 'n volk in 'n land bepaal word. Daar is sekere faktore wat 'n volksgemeenskap tot 'n volkseenheid, 'n eie nasionaliteit maak, soos bv. gemeenskaplike afstamming, gemeenskaplike liefde tot dieselfde land. gemeenskaplike ontwikkeling en gemeenskaplike politieke oortuigings en strewe.

„Wat die Suid-Afrikaanse nasionaliteit eendag sal bepaal, sal wees die gemeenskaplike geestelike en politiese strewe en tweedens die gemeenskaplike afstamming en vaderland" (1).

Ek wil Cilliè se omskrywing van nasionale opvoeding onderskrywe, nl. dat die opvoeding by die opvoedeling 'n sekere gesindheid, sekere neigings of voorliefde moet ontwikkel en aankweek, wat die nasie waaraan hy behoort, dierbaar ag of beskou. Die ideaal van 'n eie selfstandige Suid-Afrikanisme, sodat die Afrikaner homself kan wees, en die opbouing en bewaring van 'n eie kultuur, taal, volksgeskiedenis, gewoontes en tradisies, moet nagestreef word. Van die twee volksideale in Suid-Afrika moet die Afrikaanssprekende deel van die bevolking sy eie rein bewaar.

Tussen die twee nasionaliteite behoort daar nie rassehaat te bestaan nie maar 'n sterk mate van rassegevoel, rassetrots. Daar moet geen eenwording op 'n natuurlike organiese wyse van die twee nasionaliteite plaasvind nie, want

(1) Coetzee, J. Chris : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde bls. 230.

die gevaar bestaan altyd dat een moet kopgee en die renegaat kan nie sy kinders opvoed om deel te vorm van 'n kern- gesonde volk nie.

(xiv) Aangesien die mens 'n siel-liggaamwese is, moet die mens by sy opvoeding ook kennis dra van en rekening hou met sy liggaam. Die ware opvoeding is tegelyk 'n opvoeding van gees en liggaam. As daar 'n gesonde gees in 'n gesonde liggaam gehuisves moet wees, en as daar harmonie tussen gees en liggaam moet wees, is dit die opvoeder se dure plig om vir die liggaamlike gesondheid van die kind en die nasie te sorg. Van die opvoedkundige word dan verlang 'n grondige studie van die liggaam as voorwaarde vir die liggaamlike en geestelike opvoeding van die kind en nasie. Die kind moet dan genoegsame kennis besit as hy reg aan sy liggaam wil laat geskied. Waar Cilliè dit beklemtoon, is hy op die regte pad.

(xv) In verband met kennis as doelstelling sê Cilliè nie hoe 'n mens kan ken nie, d.w.s. dat die mens as kenner onvolmaak is en sy vermoë om te ken, beperk is tot die vorme van ruimte en tyd. Teenoor die menslike kenner staan die kenbare waarvan die Groot Meester hom geweldig veel gegee het om te ken. Wanneer Cilliè konstateer dat aan die kind die „regte soort kennis" verskaf moet word, is dit nie duidelik wat die „regte soort kennis" alles insluit nie. Ek stem saam met prof. Coetzee dat die regte soort kennis is: „Kennis van God, veral soos Hy Hom aan die mens in die Skriftuur maar ook in die Natuur geopenbaar het. God het die mens ook geroep

en bekwaam tot kennis van sy skepping. Alles in die hemel en op aarde is vir die menslike kenner kenbaar. Die mens kan homself ook ken, hy dra kennis van byna alles wat in hom plaasvind" (1). Die regte soort kennis kan ook nie sonder waarheid bestaan nie, anders het die kennis van die mens geen waarde nie. Daar is twee soorte waarheid, nl. wetenskaplike sekerheid en die geopenbaarde Woord van God. Cilliè beweer dat „algemene waarhede beter is om te weet as partikuliere gevalle." Ek onderskryf heelhartig wat prof. Coetzee beweer „dat die finale kriterium van die waarheid is die transendante volheid, Jesus Christus, die ewige Logos." (2).

Ek stem saam met Cilliè dat kennis as doel by die opvoeding in Suid-Afrika te veel beklemtoon word. Daar word te veel waarde aan die belangrikheid van die slaag van eksamens en standerds geheg, asof dit 'n doel op sigself is, i.p.v. middels om 'n sekere doel te behaal. Daar is ook 'n oordrewe gees van kompetisie wat die inisiatief van die student dood sodra die kompetisie ophou. As die slaag van eksamens en standerds die hoofdoel is, sal daar nie vir die lewe opgevoed word nie. Wat nodig is, is kennis wat op die regte manier en by die regte geleentheid gebruik kan word. Die doel by die kind is 'n ryker, voller, nuttiger en beter lewe, d.w.s. 'n idiële en materiële lewe.

(1) Coetzee, J. Chris : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde bls. 128.

(2) Ibid bls. 129.

Kennis moet nooit 'n doel op sigself wees nie. Die opvoeder moet nie vir die skool of die universiteit opvoed nie, maar vir die lewe.

(xvi) Die opvatting dat een deel van 'n mens se opvoeding as't ware 'n voorbereiding vir 'n later deel daarvan moet wees, is totaal verkeerd. Die opvoeding van die kind moet by elke stap van sy kursus alleen betrekking hê tot die lewe van die kind op die stadium van ontwikkeling wat hy bereik het. Ek beaam met Cilliè dat waar dit op 'n keuse tussen verstandsontwikkeling en inhoud aankom, eersgenoemde verkieslik is. Dit kom nie daarop aan hoeveel die kind leer nie maar wat hy leer, sodat hy sy begripsvermoë kan ontwikkel, gebruik om iets te doen en te produseer. Hy moet die regte waarde aan persone en dinge, lewenswysheid uit eie lewenservaring, karaktervorming en verstandsontwikkeling, kan heg.

(xvii) Ek onderskrywe die definisie wat Cilliè van karakter gee, nl. „Iemand het 'n mooi of goeie karakter as daar by hom 'n harmonie tussen insig en wil is, d.w.s. as hy die vermoë besit om te onderskei tussen wat goed, mooi, reg, eerbaar, edel, ens. en die teenoorgestelde is, en die teenoorgestelde te haat."

Karaktervorming moet by die opvoedingsproses nooit uit die oog verloor word nie. Tydelike en ewige behoeftes mag nie opgeoffer word aan die ideaal wat die opvoeder voor hom stel nie. Wat by die vorming van karakter nodig is, is dat die opvoedeling die nodige kennis, 'n ideaal moet besit, 'n standpunt kan inneem, en eindelik die gewilligheid of die wilskrag besit om die

goeie te kies en te doen en die teenoorgestelde te haat.

(xviii) Dit is van die grootste belang dat die wil van die kind versterk moet word. Die opvoeding wat vir die lewe en nie alleen vir die skool opvoed nie, moet rekening met die vorming van die wil hou. Iemand wat die wil het om die goeie te doen, die kwade te vermy, die mooie in die lewe te waardeer, het gewoonlik 'n goeie karakter.

(xix) Ek glo saam met Cilliè dat die kind geleer moet word om te waardeer wat mooi en sielverheffend is, wat goed is en wat waar is, maar om die skone te leer, moet by die mens die „smaak" ontwikkel en gevorm word, want sy oordeel oor die skone is inderdaad sy smaak. „Deur die gevormde smaak word die skone en verhewene in die werke van God en van mens tot voorwerpe van geestelike waarneming en genieting." (1).

(xx) Die opvoeder moet 'n jong geslag kweek, wat die sedelik-godsdienstige bo die materiële stel en waardeer. Cilliè kon meer omskrywend i.v.m. sy begrip oor die sedelik-godsdienstige gewees het. Hy sê bv. niks oor die oorsprong en wese van die sedelike nie.

(xxi) Aangesien die mens 'n sosiale wese is, moet daar by die opvoeding met die feit altyd rekening gehou word. Al aanvaar die opvoeder dat opvoeding in die laaste instansie 'n persoonlike aangeleentheid is, mag hy nooit hierdie feit

(1) Coetzee, J. Chris : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde bls. 98.

van die sosiale wese oor die hoof sien nie. Die kind moet so opgevoed word dat hy in staat gestel kan word om die sosiale wêreld waarin hy lewe, te kan verstaan en sy eie verhouding tot die wêreld te kan weet. Sy aanpassende verstandsvermoë moet ontwikkel word. By die kind moet die regte lewenshouding aangekweek word om in die regte verhouding tot God en die maatskappy te staan. Die opvoedeling moet so opgevoed word dat hy sy sosiale pligte wat hy later in huislike kring en in die samelewing sal moet verrig, met waardigheid sal vervul.

(xxii) Om daardie plek in die maatskappy met waardigheid te vul, moet hy krag besit, krag om reg te dink, krag om homself te beheer en om andere ten goede te beïnvloed, krag om met lus en toewyding sy werk te doen. Dewey lê dan ook tereg nadruk op die sosiale bruikbaarheid van die mens. Omdat die kind 'n sosiale wese is, moet die leerplan en selfs die metode van die opvoeding soveel as wat nodig is, gesosialiseer word. Die opvoeding is 'n oordraging van die sosiale erfenis van die ouer geslag op die jonger en kultuuroordrag word een van die belangrikste sosiale doeleindes van die opvoeding. Cilliè kon oor die doelstelling, nl. „sosiale doeltreffendheid" meer omvattend gewees het omtrent die vraagstukke van sosiale vooruitgang en sosiale sorg.

(1) Coetzee, J. Chris : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde bls. 98.

Om met waardigheid en doeltreffendheid aan die sosiale lewe te kan deelneem, moet die kind gelukkig en tevrede voel in die beroep wat hy gekies het.

(xxiii) Ek stem saam met Cilliè dat by die keuse van 'n beroep die swaarste moet wees: „Waar kan ek met die talente wat die Heer in Sy genadige goedheid aan my toevertrou het, die Groot Meester en my medemens die beste dien?" Die opvoedeling moet leer dat in plaas van 'n materialistiese wêreldbeskouing alleen onselfsugtige, onbaatsugtige diens aan die mens bevrediging hier op aarde gee. As die kind die beste diens moet lewer, dan moet aan hom die beste soort werk verskaf word, waarin hy gelukkig kan voel en die beste kan groei en ontwikkel.

(xxiv) Die Ideaal moet wees dat elke kind een of ander beroep op skool moet leer maar by die voorbereiding van die kind vir so 'n beroep moet die voorbereiding nie van 'n utilitariese standpunt beskou word nie maar daar moet iets daarvan wees. Van 'n utilitariese standpunt beskou, moet die kind deur praktiese opvoeding in staat gestel word om sy weg in die maatskappy te vind.

(xxv) Wat die praktiese onderwys, vakonderwys, in die gewone Suid-Afrikaanse skole betref, stem ek volmondig met Cilliè saam dat hulle te akademies is. Hulle beantwoord nie aan hul doel nie; hulle staan te ver weg van die lewe daarbuite. Die kind kan die kennis wat hy omtrent die vakke in die skool opgedoen het, nie direk gaan gebruik nie. Die kind kan, bv. die kennis

wat hy omtrent boekhou in die gewone skole opgedoen het, nie direk gaan gebruik, nadat hy die skool verlaat het nie. Daar moet meer van die lewe daarbuite in die skool ingebring word. Die Amerikaners beoog 'n utilitariese en materialistiese doel met hul vakopleiding. Daarin lê die onderskeid tussen gewone algemene opleiding in Suid-Afrikaanse skole en vakopleiding.

(xxvi) Die algemene opleiding in Suid-Afrikaanse skole moet ook 'n breër uitsig op die lewe gee, soos Cilliè tereg beweer. Daar moet algemene en vakopleiding wees, maar die vraag is waar hulle bymekaar moet kom en of vakopleiding in die gewone skool of net in vakskole gegee moet word. Die ideaal sou wees om vakopleiding net in die vakskole te gee, wat in direkte verbinding met die vereistes van die lewe daarbuite is. Eers die mens egter, en dan die vakman, sodat die mens ook 'n goeie staatsburger kan wees.

(xxvii) Ek onderskrywe Cilliè se mening dat die doel van die opvoeding ook die vorming van goeie staatsburgers moet insluit, sodat die eie kultuur gehandhaaf kan word, maar dat die kultuur van die ander nasie gerespekteer moet word. 'n Goeie staatsburger weet hoe om sy pligte teenoor die staat na te kom; hoe om sy tyd op die beste wyse in die beoefening van daardie pligte te gebruik.

(xxviii) Ek stem saam met Cilliè dat die mens geleer moet word hoe om sy vryetyd vir sy eie vorming en ontwikkeling die beste te gebruik. Wanneer die opvoeder 'n mooi ewewig met die opvoeding

van die kind kan behou, d.w.s. 'n mooi ewewig tussen die opvoeding van die liggaam, die gemoed en die verstand, dan het hy die „hele kind."

(xxix) Nieteenstaande Cillié hom in 1907 meer as die klassikus, die akademiese student, openbaar het, het hy met die verloop van die jare, meer mens en opvoeder in die ware sin van die woord geword. Dit kan moontlik toegeskrywe word aan die aanraking met sy eie kinders en die verdieping in die pedagogiek. Aan sy kwekelinge het hy gesê: „Julle sal dan eers kan opvoed as julle self kinders het" (1).

(xxx) In die latere stadium van sy professionele loopbaan het hy 'n duideliker en beter omlynde uiteensetting van wat opvoeding en onderwys werklik is, gegee. In die beginstadium van sy loopbaan het hy nog onsekere grond in verband met voorgenoemde betree. In 1907 het hy op die vraag wat opvoeding is, gesê: „Hier zegt waarlik de een en de andere weer wat anders. En natuurlik wagen wy het ook niet te zeggen wat het is." (2).

Uit sy definisies oor opvoeding en onderwys in 1938 en 1940 blyk sy groei en ontwikkeling. In 1940 definieer hy onderwys en opvoeding as volg: „Onderwys bepaal hom meer spesiaal tot die verstand, tot kennis, weet, geleerdheid en miskien ook tot wat genoem word die ontwikkeling van die verstand, terwyl opvoeding

(1) „Die Unie" , 1/1/31 bls. 186.

(2) Die Unie Jan.-Febr. 1908 bls. 223.

meer te doen het met die gemoedslewe van die mens, sy gedrag, sy persoonlikheid. Die resultaat wat by die onderwys beoog word, is kennis of geleerdheid wat meestal uit boeke verkry en gekry word. Die resultaat van die opvoeding is gedrag, karakter, persoonlikheid (1).

(xxxi) In 1907 het Cilliè wel 'n aanduiding gegee wat sy doel met die opvoeding van die kind is. Hy het hom dadelik as 'n persoonlike pedagoog geopenbaar en karaktervorming bepleit. In hierdie verband het hy die groot gebrek aan „Pietas" onder die jeug, asook die versuim om belangstelling en smaak by hulle te kweek, bekla. In sy latere professionele loopbaan het Cilliè 'n baie duidelike doel met die opvoeding van die jeug voor oë gehad, soos in hierdie hoofstuk blyk. By sy opvoeding van die jeug het Cilliè altyd die doel voor oë gehou, nl. om sy kwekelinge te leer om te voel vir die saak van volksonderwys maar dat daar twee kante aan elke saak was. 'n Saak moes deurgedink word.

(xxxii) Cilliè het ook onder die invloed van die idees in verband met die sogenaamde „Nuwe Opvoeding" wat in 1915 ontstaan het, gekom maar dit het nie lank geduur nie of hy het 'n waarskuwing teen sommige van die idees van John Dewey laat hoor. Hy het veral teen Dewey se bewering beswaar gemaak dat opvoeding die lewe is en nie 'n

(1) Die Unie 1/1/38 bls. 347 en 1/3/40 bls. 273. Artikels van Cilliè.

voorbereiding vir die lewe nie, en dat die enigste doel van die opvoeding moet wees, om meer opvoeding te kry. Cilliè het meer krities teenoor Dewey se pedagogiek begin staan, omdat dit vir 'n nie-pragmatis baie moeilik val om te sien hoe 'n mens 'n opvoedkundige filosofie op pragmatisme kan opbou (1). Sover as wat Cilliè in die filosofie gevorder het, is 'n opvoedkundige teorie alleen moontlik as ewige waardes en permanente ideale aangeneem word. Die pragmatis weet nie van soiets nie.

(1) Die Unie 1/3/34 bls. 330. Artikel van Cilliè.